South Africa ◆ Republiek van

Government Gazette
Staatskoerant

(Registered at the Post Office as a Newspaper) (As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

Price 10c Prys
Overseas 15c Oorsee
POST FREE — POSVRY

VOL. X.] PRETORIA, 15 NOVEMBER 15 NOVEMBER 1963. [No 649.

PROCLAMATIONS

BY THE STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.

No. 307, 1963.]

PROCLAMATION OF LAND AS A PUBLIC DIGGING.

Under and by virtue of the powers vested in me by section *twenty-six* of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal), I hereby declare that the land described in the attached Schedule and defined by a diagram approved by the Surveyor-General on the 25th June, 1963, under S.G. No. A.2155/63, copies of which are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Klerksdorp, under R.M.T. No. 2403, shall be a public digging for precious metals as from the thirty-first day after the date of publication of this proclamation in the *Government Gazette*;

And I do hereby further declare that no portion of the land thus proclaimed, shall be open to the public for the pegging of claims in accordance with the provisions of Chapter V of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal).

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Twenty-fourth day of October, One thousand Nine hundred and Sixty-three.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

N. DIEDERICHS.
M.M. 35/304.

SCHEDULE.

Description of Land.	*Extent.*	*Registered Owners.*
(*a*) Portions of the farm Nooitgedacht No. 434, Registration Division I.P., and	Together 326·6183 morgen	Western Reefs Exploration and Development Company, Limited.
(*b*) Portion of the farm Kanana No. 426, Registration Division I.P., District of Klerksdorp, Mining District of Klerksdorp, Transvaal Province	322·8315 morgen...	Village Council of Orkney.

PROKLAMASIES

VAN DIE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.

No. 307, 1963.]

PROKLAMERING VAN GROND TOT 'N PUBLIEKE DELWERY.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *ses-en-twintig* van die „Precious and Base Metals Act", 1908 (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal), verklaar ek hierby dat die grond in bygaande Bylae beskryf en soos aangetoon op 'n kaart deur die Landmeter-generaal op 25 Junie 1963 onder S.G. No. A.2155/63 goedgekeur, waarvan afdrukke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Klerksdorp, onder R.M.T. No. 2403 bewaar word, met ingang van die een-en-dertigste dag na die datum van publikasie van hierdie Proklamasie in die *Staatskoerant* 'n publieke delwery vir edelmetale is;

En verder verklaar ek hierby dat geen gedeelte van die grond wat aldus geproklameer word, vir die afpenning van kleims deur die publiek ooreenkomstig die bepalings van Hoofstuk V van die „Precious and Base Metals Act", 1908 (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal), oop is nie.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Vier-en-twintigste dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Drie-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

N. DIEDERICHS.
M.M. 35/304.

BYLAE.

Beskrywing van grond.	*Grootte.*	*Geregistreerde eienaar.*
(*a*) Gedeeltes van die plaas Nooitgedacht No. 434, Registrasie-afdeling I.P., en	Tesame 326.6183 morg	Western Reefs Exploration and Development Company, Ltd.
(*b*) Gedeelte van die plaas Kanana No. 426, Registrasieafdeling I.P., Distrik Klerksdorp, Myndistrik Klerksdorp, Provinsie Transvaal	322·8315 morg.....	Dorpsraad van Orkney.

No. 308, 1963.]

DEFINITION OF AREAS IN THE MAGISTERIAL DISTRICT OF OBERHOLZER, PROVINCE OF THE TRANSVAAL, TO WHICH THE PROVISIONS OF SECTIONS *FIFTEEN* AND *SIXTEEN* AND PARAGRAPH (*b*) OF SUB-SECTION (3) OF SECTION *SIXTEEN* OF THE GROUP AREAS ACT, 1957, APPLY.

Under the powers vested in me by—

A. section *fourteen* of the Group Areas Act, 1957 (Act No. 77 of 1957), hereby declare that the provisions of sections *fifteen* and *sixteen* of the said Act shall, as from the date of publication hereof, apply in the areas situated in the District of Oberholzer, Province of the Transvaal and described in the Schedule hereto; and

B. paragraph (*a*) of sub-section (3) of section *sixteen* of the said Act, I hereby define the areas describe in the Schedule hereto for the purposes of paragraph (*b*) of the said sub-section (3).

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this First day of November, One thousand Nine hundred and Sixty-three.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.
B. J. VORSTER.

SCHEDULE.

IN THE MAGISTERIAL DISTRICT OF OBERHOLZER.

Description of Areas.	*Surveyor-General's Diagram Number.*
Portion 34 of the farm Welverdiend No. 97 I.Q...	A. 1002/19.
Portion 112 of the farm Oog van Wonderfontein No. 110 I.Q.	A. 4126/43.

No. 308, 1963.]

OMSKRYWING VAN GEBIEDE IN DIE LANDDROSDISTRIK OBERHOLZER, PROVINSIE TRANSVAAL, WAAROP DIE BEPALINGS VAN ARTIKELS *VYFTIEN* EN *SESTIEN* EN PARAGRAAF (*b*) VAN SUBARTIKEL (3) VAN ARTIKEL *SESTIEN* VAN DIE WET OP GROEPSGEBIEDE, 1957, VAN TOEPASSING IS.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by—

A. artikel *veertien* van die Wet op Groepsgebiede, 1957 (Wet No. 77 van 1957), verklaar ek hierby dat die bepalings van artikels *vyftien* en *sestien* van genoemde Wet, vanaf die datum van publikasie hiervan, van toepassing is in die gebiede geleë in die distrik Oberholzer, provinsie Transvaal en in die Bylae hiervan beskryf; en

B. paragraaf (*a*) van subartikel (3) van artikel *sestien* van genoemde Wet, omskryf ek hierby vir die doeleindes van paragraaf (*b*) van genoemde subartikel (3), die gebiede in die Bylae hiervan beskryf.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Eerste dag van November Eenduisend Negehonderd Drie-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.
B. J. VORSTER.

BYLAE.

IN DIE LANDDROSDISTRIK OBERHOLZER.

Beskrywing van gebiede.	*Landmeter-generaal se kaartnommer.*
Gedeelte 34 van die plaas Welverdiend No. 97 I.Q.	A. 1002/19.
Gedeelte 112 van die plaas Oog van Wonderfontein No. 110 I.Q.	A. 4126/43.

No. 309, 1963.]

RULES OF PROCEDURE.—TRANSKEIAN LEGISLATIVE ASSEMBLY.

This Proclamation is divided into different parts which severally relate to the following subject matters:—

		Rules.
Preamble.		
PART I	PROCEEDINGS ON MEETING OF NEW LEGISLATIVE ASSEMBLY	
	Taking of Oath	1–6
	Election of Chairman and Deputy-Chairman	7–17
	Election of Chief Minister and Ministers.	18
PART II	OFFICIAL OPENING OF LEGISLATIVE ASSEMBLY	19–21
PART III	MAINTENANCE OF ORDER AND RULES OF DEBATE	22–50
PART IV	LANGUAGES	51
PART V	OFFICERS OF THE ASSEMBLY: RECORDS AND PAPERS	52–60
PART VI	DAYS AND HOURS OF SITTINGS AND ADJOURNMENTS	61–63
PART VII	QUORUM	64–65
PART VIII	MOTIONS	66–77
PART IX	ARRANGEMENT OF BUSINESS	78–82
PART X	QUESTIONS	83–92
PART XI	VOTING AND DIVISIONS	93–97
PART XII	BILLS	98–127
PART XIII	PROCEDURE REGARDING FINANCIAL MEASURES	128–146
PART XIV	SELECT AND SESSIONAL COMMITTEES	147–156
PART XV	STRANGERS	157–160
PART XVI	MISCELLANEOUS PROVISIONS	161–168
ANNEXURE "A"; PRAYER.		

Whereas a Transkeian Legislative Assembly is to be constituted in terms of the provisions of the Transkei Constitution Act, 1963;

And whereas it is considered expedient to promulgate standing rules of procedure for the regulation and conduct of the proceedings of the said Assembly and the dispatch of its business;

No. 309, 1963.]

REGLEMENT VAN ORDE.—TRANSKEISE WETGEWENDE VERGADERING.

Hierdie Proklamasie is in verskillende dele, wat afsonderlik op die volgende onderwerpe betrekking het verdeel:—

		Reglemente
Aanhef.		
DEEL I	VERRIGTINGE BY SITTING VAN NUWE WETGEWENDE VERGADERING	
	Aflê van Eed	1–6
	Verkiesing van Voorsitter en Ondervoorsitter	7–17
	Verkiesing van Hoofminister en Ministers	18
DEEL II	AMPTELIKE OPENING VAN WETGEWENDE VERGADERING	19–21
DEEL III	HANDHAWING VAN ORDE EN REGLEMENTE VAN DEBAT	22–50
DEEL IV	TALE	51
DEEL V	BEAMPTES VAN DIE VERGADERING: REKORDS EN PAPIERE	52–60
DEEL VI	DAE EN URE VAN SITTINGS EN VERDAGINGS	61–63
DEEL VII	KWORUM	64–65
DEEL VIII	MOSIES	66–77
DEEL IX	INDELING VAN WERKSAAMHEDE	78–82
DEEL X	VRAE	83–92
DEEL XI	STEMMING EN VERDELINGS	93–97
DEEL XII	WETSONTWERPE	98–127
DEEL XIII	PROSEDURE BETREFFENDE FINANSIËLE SAKE	128–146
DEEL XIV	GEKOSE EN SITTINGSKOMITEES	147–156
DEEL XV	VREEMDELINGE	157–160
DEEL XVI	DIVERSE BEPALINGS	161–168
BYLAE „A": GEBED.		

Nademaal 'n Transkeise Wetgewende Vergadering kragtens die bepalings van die Transkeise Grondwet, 1963 saamgestel moet word;

En nademaal dit raadsaam geag word om 'n vaste reglement van orde af te kondig vir die reëling en bestuur van die verrigtinge van gemelde Vergadering en die afhandeling van sy werksaamhede;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by paragraph (*e*) of sub-section (1) of section *seventy* of the said Transkei Constitution Act, 1963, I do hereby declare as follows:—

PART I.

PROCEEDINGS ON MEETING OF NEW LEGISLATIVE ASSEMBLY.

Taking of Oath.

Members to Meet to Take Oath.

1. The members of the Transkeian Legislative Assembly shall meet at Umtata at least three clear days prior to the date fixed for the opening of the first or newly elected Legislative Assembly to enable members to take the oath and for the purpose of electing a Chairman and Deputy-Chairman and a Chief Minister and other Ministers.

Roll Call to be Taken by Secretary.

2. The Secretary of the Assembly having informed members of the purpose of the meeting shall read out the names of all members and the members there present shall answer to their names.

Taking of Oath before Judge.

3. The Secretary shall thereupon conduct a Judge of the Supreme Court into the Chamber who shall then take from the members there present the oath prescribed by section *thirty-three* of the Transkei Constitution Act, 1963 (Act No. 48 of 1963.)

Subsequent Taking of Oath: Procedure.

4. In the case of a member taking his seat subsequent to the day referred to in Standing Rule No. 1 or to the opening day of any session, he shall be brought to the Table by two members after his name has been read out, and the oath shall be administered to him by the Chairman of the Legislative Assembly.

Members Precluded from Sitting till Oath Taken.

5. Except for the purpose of enabling rules 1 to 4 to be complied with, no member of the Assembly shall sit or vote therein until he has made and subscribed before the Assembly, the oath in the form prescribed by section *thirty-three* of the Transkei Constitution Act, 1963.

Chairman to Administer Oath in Certain Cases.

6. Save as otherwise provided in the Act or these Standing Rules the Chairman shall, whenever necessary, administer the oath immediately after prayers.

Election of Chairman and Deputy-Chairman.

Election of Chairman and Deputy-Chairman.

7. At the meeting referred to in Rule No. 1, members having made and subscribed to the oath and the Judge having withdrawn, and at any other time when it is necessary to elect a Chairman and Deputy-Chairman in terms of section *twelve* of the Transkei Constitution Act, 1963, the Secretary shall announce to the Assembly the need for the election and shall call upon the Assembly to proceed to the election forthwith or the Assembly shall decide upon a day as soon thereafter as may be convenient for the election but prior to the date set aside for the official opening of the Assembly.

Procedure for Election of Chairman.

8. (1) A member having first ascertained that the person to be proposed is willing to serve if elected, may propose any member of the Assembly then present as Chairman of the Assembly. Such proposal requires seconding but no debate shall be allowed.

No Limit to Number of Candidates.

(2) There shall be no limit to the number of candidates who may be proposed and seconded under the preceding paragraph, but no member who has already proposed or seconded a candidate may propose or second another candidate and no member may propose or second his own candidature.

So is dit dat ek kragtens die bevoegdheid aan my verleen by paragraaf (*e*) van subartikel (1) van artikel *sewentig* van gemelde Transkeise Grondwet, 1963, hierby as volg verklaar:—

DEEL I.

VERRIGTINGE BY SITTING VAN NUWE WETGEWENDE VERGADERING.

Aflê van eed.

Lede vergader om eed af te lê.

1. Die lede van die Transkeise Wetgewende Vergadering kom byeen te Umtata ten minste drie volle dae voor die vasgestelde datum vir die opening van die eerste of nuut verkose Wetgewende Vergadering ten einde lede in staat te stel om die eed af te lê en met die doel om 'n Voorsitter en Ondervoorsitter en 'n Hoofminister en ander Ministers te verkies.

Sekretaris moet presensielys opmaak.

2. Die Sekretaris van die Vergadering lees, nadat hy die lede van die doel van die sitting verwittig het, die name van al die lede uit en al die lede teenwoordig antwoord op hulle name.

Aflê van eed voor Regter.

3. Die Sekretaris begelei hierna 'n Regter van die Hooggeregshof die Raadsaal binne wat dan van lede daar teenwoordig die eed voorgeskryf by artikel *drie-en-dertig* van die Transkeise Grondwet, 1963 (Wet No. 48 van 1963), afneem.

Daaropvolgende aflê van eed: Prosedure.

4. 'n Lid wat sitting neem op 'n latere dag as die dag waarna in Vaste Reglement No. 1 verwys word, of die openingsdag van enige sessie, word deur twee lede, nadat sy naam uitgelees is, na die Tafel gebring, en sy eed word deur die Voorsitter van die Wetgewende Vergadering afgeneem.

Lede uitgesluit van sitting tot eed afgelê is.

5. Behoudens met die doel om gevolg te gee aan reglemente 1 tot 4 sit of stem geen lid van die Vergadering daarin nie tot tyd en wyl hy voor die Vergadering die eed, op die wyse by artikel *drie-en-dertig* van die Transkeise Grondwet, 1963, voorgeskryf, afgelê en onderteken het.

Voorsitter neem eed in sekere gevalle af.

6. Behoudens soos andersins in die Wet of hierdie Vaste Reglement bepaal, neem die Voorsitter, wanneer ook al nodig, die eed of onmiddellik na gebed.

Verkiesing van Voorsitter en Ondervoorsitter.

Verkiesing van Voorsitter en Ondervoorsitter.

7. By die byeenkom waarna in Reglement No. 1 verwys is, nadat lede die eed afgelê en onderskryf het en die Regter hom onttrek het, en te eniger ander tyd wanneer dit nodig mag wees om 'n Voorsitter en Ondervoorsitter ingevolge artikel *twaalf* van die Transkeise Grondwet, 1963, te verkies, kondig die Sekretaris aan die Vergadering die noodsaaklikheid van die verkiesing aan en versoek die Vergadering om dadelik tot die verkiesing oor te gaan of die Vergadering besluit op 'n dag so gou moontlik daarna wat gerieflik is vir die verkiesing maar voor die datum van die amptelike opening van die Vergadering.

Prosedure vir verkiesing van Voorsitter.

8. (1) 'n Lid wat vooraf vasgestel het dat die persoon wat voorgestel staan te word, gewillig is om te dien indien verkose, mag enige lid van die Vergadering daar en dan teenwoordig voorstel as Voorsitter van die Vergadering. Sodanige voorstel vereis sekondering maar geen debat word toegelaat nie.

Geen beperking op getal kandidate nie.

(2) Daar is geen beperking op die getal kandidate wat ingevolge die voorafgaande paragraaf voorgestel en gesekondeer mag word nie, maar geen lid wat reeds 'n kandidaat voorgestel of gesekondeer het nie mag 'n ander kandidaat voorstel of sekondeer nie en geen lid mag sy eie kandidatuur voorstel of sekondeer nie.

Procedure During Ballot.

(3) If more than one member be proposed as Chairman, a ballot shall be held in accordance with the following procedure which shall at the outset be explained to the members:—

(*a*) There shall be a short adjournment for the preparation of ballot papers after which the Secretary shall hand each member present a ballot paper having a secret official mark on the reverse side thereof.

(*b*) Every member shall thereupon signify the candidate for whom he desires to vote by placing a cross opposite the name of such candidate.

(*c*) The Secretary shall then call the names of all the members and each member may, when his name is called, come to the Table and drop his ballot paper into a ballot box on the Table.

(*d*) When all members who wish to vote have done so the Secretary shall in the presence of the Assembly, examine the ballot papers with the assistance of the Assistant Secretary and report the result of the ballot.

(*e*) The Secretary shall declare the candidate receiving more votes than any other candidate as the duly elected Chairman.

(*f*) If two or more candidates receive the same number of votes and that number of votes exceeds the number of votes received by any other candidate a second ballot shall be taken in the manner prescribed in sub-paragraphs (*a*) to (*c*) of this paragraph, but votes shall be cast only for one or other of the candidates who received an equal number of votes.

(*g*) If upon the holding of the second ballot referred to in sub-paragraph (*f*) of this paragraph, two or more members receive an equal number of votes, a further ballot shall be held and if two or more members again receive an equal number of votes the election shall be decided by lot.

(*h*) A member shall not drop into the ballot box a ballot paper which is not his own.

(*i*) A member who arrives after the names of the members have been called shall not be entitled to vote.

Procedure if only One Candidate Proposed.

9. If only one member is proposed and seconded as Chairman he shall be declared elected and conducted to the Chair by his proposer and seconder.

Powers of Secretary.

10. (*a*) If the Secretary is satisfied that a ballot paper does not comply with the provisions of rule 8 he may reject it and proceed with the election, or declare the ballot paper or the whole election void, ordering the proceedings for the ballot or the whole election to be begun afresh.

(*b*) If the Secretary is satisfied that the provisions of paragraphs 8 to 11 of these rules have not been, or are not being, carried out properly in any other respect he may declare a particular ballot or the whole election void, ordering the proceedings for the ballot or the whole election to be begun afresh.

Disposal of Ballot Papers.

11. As the ballot papers are counted they shall be placed in a box. When a member has been declared elected as Chairman the box shall be sealed in the presence of the Assembly and kept in the custody of the Secretary for one calendar month and then, unless otherwise directed by the Assembly, the Secretary shall destroy the ballot papers.

Acknowledgments by Chairman.

12. Having been conducted to the Chair by his proposer and seconder, the member shall take the Chair and shall thereupon express his sense of the honour conferred upon him.

Prosedure by geheime stemming.

(3) Indien meer as een lid as Voorsitter voorgestel word, moet met geslote stembriefies ooreenkomstig die volgende prosedure, wat by die aanvang aan die lede verduidelik moet word, gestem word: —

(*a*) Daar is 'n kort verdaging vir die gereedmaak van stembriefies en daarna moet die Sekretaris aan elke lid teenwoordig 'n stembriefie met 'n geheime amptelike merk op die keersy daarvan uitreik.

(*b*) Elke lid moet daarop die kandidaat vir wie hy wil stem, aandui deur 'n kruis teenoor die naam van die kandidaat te plaas.

(*c*) Die Sekretaris moet dan die name van al die lede uitroep en elke lid mag, wanneer sy naam uitgeroep word, na die Tafel kom en sy stembriefie in 'n stembus op die Tafel laat val.

(*d*) Sodra alle lede wat wil stem, gestem het, moet die Sekretaris in die teenwoordigheid van die Vergadering die stembriefies ondersoek met die hulp van die Assistent-sekretaris en die uitslag van die stemming rapporteer.

(*e*) Die Sekretaris moet die kandidaat op wie meer stemme as op enige ander kandidaat uitgebring is as behoorlik verkose Voorsitter verklaar.

(*f*) Indien twee of meer kandidate dieselfde getal stemme behaal en die getal stemme is meer as die getal stemme deur enige ander kandidaat behaal, moet 'n tweede keer in die geheim gestem word soos in subparagrawe (*a*) tot (*c*) van hierdie paragraaf bepaal, maar daar word slegs vir die een of die ander van die kandidate wat dieselfde getal stemme behaal het, gestem.

(*g*) Wanneer daar ingevolge subparagraaf (*f*) van hierdie paragraaf 'n tweede geheime stemming gehou word en twee of meer lede dieselfde getal stemme behaal, moet 'n verdere geheime stemming gehou word en indien twee of meer lede weer 'n gelyke getal stemme behaal, word die verkiesing bepaal deur die lot te werp.

(*h*) 'n Lid mag nie 'n stembriefie in die stembus laat val wat nie sy eie is nie.

(*i*) 'n Lid wat opdaag na die ander lede se name uitgeroep is, is nie geregtig om te stem nie.

Prosedure as slegs een kandidaat voorgestel word.

9. Indien slegs een lid as Voorsitter voorgestel en gesekondeer word, moet hy as verkose verklaar word en deur sy voorsteller en sekondant na die Stoel begelei word.

Bevoegdhede van Sekretaris.

10. (*a*) Indien die Sekretaris oortuig is dat 'n stembriefie nie voldoen aan die vereistes van Reglement 8 nie, kan hy dit verwerp en met die verkiesing voortgaan, of die stembriefie of die hele verkiesing nietig verklaar en beveel dat die verrigtinge vir die geheime stemming of die hele verkiesing van vooraf begin.

(*b*) Indien die Sekretaris oortuig is dat die bepalings van paragrawe 8 tot 11 van hierdie reglemente in enige ander opsig nie behoorlik uitgevoer is of word nie kan hy enige besondere geheime stemming of die hele verkiesing nietig verklaar en beveel dat die verrigtinge vir die geheime stemming of die hele verkiesing van vooraf begin.

Beskikking oor stembriefies.

11. Soos die stembriefies getel word, moet hulle in 'n bus geplaas word. Wanneer 'n lid as verkose tot Voorsitter verklaar is, moet die bus verseël word in die teenwoordigheid van die Vergadering en in die bewaring van die Sekretaris gehou word vir een kalendermaand en dan, tensy die Vergadering anders gelas, moet die Sekretaris die stembriefies vernietig.

Erkenning deur Voorsitter.

12. Na die lid deur sy voorsteller en sekondant na die Stoel begelei is, moet hy die Stoel inneem en gee dan sy waardering te kenne van die eer hom aangedoen.

Election of a Deputy-Chairman.

13. The Assembly under the direction of its own elected Chairman shall then elect a Deputy-Chairman and the provisions of Standing Rules Nos. 8 to 11 shall apply *mutatis mutandis* to the election of such Deputy-Chairman.

Commissioner-General to be advised.

14. The Secretary shall as soon as possible after the election of a Chairman and Deputy-Chairman advise the Commissioner-General by letter of the names of the members so elected for transmission to the Minister of Bantu Administration and Development.

Filling of Vacancies of Chairman or Deputy-Chairman.

15. Any vacancy occurring in the office of Chairman and Deputy-Chairman of the Assembly shall be reported by the Secretary, the Chairman or the Deputy-Chairman as the case may be, to the Assembly at its next sitting, and the Assembly shall forthwith proceed to the election of a new Chairman or Deputy-Chairman in the manner hereinbefore provided.

Deputy-Chairman to Preside During Absence of Chairman.

16. If the Assembly be informed by the Secretary of the absence of the Chairman, the Deputy-Chairman shall take the Chair during such absence and he shall exercise the same functions as the Chairman.

Arrangements for Relieving Chairman and Deputy-Chairman.

17. The Chairman may, in the absence of the Deputy-Chairman or the Deputy-Chairman may in the absence of the Chairman request any member to take the Chair temporarily during a sitting, without any formal communication to the Assembly, and in the temporary absence of both the Chairman and Deputy-Chairman, the Assembly shall elect another member in the manner hereinbefore provided to act temporarily as Chairman during such absence. The Secretary shall preside for the purpose of such election.

Election of Chief Minister and Ministers.

Election of Chief Minister and Other Ministers.

18. Immediately after the election of a Chairman and Deputy-Chairman the members of the Legislative Assembly shall proceed with the election of a Chief Minister and of Ministers as provided for by sections *twelve, thirteen* and *fourteen* of the Transkei Constitution Act, 1963 (Act No. 48 of 1963).

PART II.

Official Opening of Legislative Assembly.

Notice Summoning Assembly to be Read.

19. On the day fixed for the opening of a new Assembly the members having assembled in the Chamber at the time fixed for the official opening the Chairman shall conduct the proceedings in the following order: —

(*a*) He shall open the meeting with prayers.
(*b*) He shall call upon the Secretary to read the notice summoning the Assembly.
(*c*) He shall call upon the Chief Minister, if he has then been elected, to appear before the Table of the Assembly to be sworn in accordance with section *eighteen* of the Transkei Constitution Act, 1963 (Act No. 48 of 1963).
(*d*) He shall call upon the other Ministers, if they have then been elected, to appear before the Table of the Assembly to be sworn in accordance with section *eighteen* of the Transkei Constitution Act, 1963 (Act No. 48 of 1963).
(*e*) He shall then announce the State President or the person who is to deliver the opening speech on behalf of the State President.
(*f*) No debate shall be allowed to take place on the opening speech but the Chairman may allow a vote of thanks by the Chief Minister or another person acting on behalf of the Assembly.

Verkiesing van Ondervoorsitter.

13. Die Vergadering moet dan onder die leiding van sy eie verkose Voorsitter 'n Ondervoorsitter verkies en die bepalings van Vaste Reglemente Nos. 8 tot 11 is *mutatis mutandis* van toepassing op die verkiesing van sodanige Ondervoorsitter.

Kommissaris-generaal moet in kennis gestel word.

14. Die Sekretaris moet so spoedig moontlik na die verkiesing van 'n Voorsitter en 'n Ondervoorsitter die Kommissaris-generaal per brief verwittig van die name van die lede aldus verkies vir deursending aan die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.

Aanvulling van vakatures van Voorsitter of Ondervoorsitter.

15. Enige vakature wat ontstaan in die amp van Voorsitter en Ondervoorsitter van die Vergadering moet deur die Sekretaris, die Voorsitter of die Ondervoorsitter, na gelang van die geval, aan die Vergadering gerapporteer word by sy volgende sitting, en die Vergadering moet onverwyld oorgaan tot die verkiesing van 'n nuwe Voorsitter of Ondervoorsitter en wel op die wyse vroeër hierin bepaal.

Ondervoorsitter sit voor in afwesigheid van Voorsitter.

16. Indien die Sekretaris die Vergadering in kennis stel van die afwesigheid van die Voorsitter moet die Ondervoorsitter die Stoel gedurende sodanige afwesigheid inneem en hy oefen dieselfde funksies uit as die Voorsitter.

Reëlings vir die aflos van Voorsitter en Ondervoorsitter.

17. Die Voorsitter mag, in die afwesigheid van die Ondervoorsitter, of die Ondervoorsitter mag, in die afwesigheid van die Voorsitter, enige lid versoek om tydelik die Stoel gedurende 'n sitting in te neem sonder om die Vergadering formeel te verwittig, en vir die tydelike afwesigheid van beide Voorsitter en Ondervoorsitter moet die Vergadering 'n ander lid verkies ooreenkomstig die vroeër hierin vermelde bepalings om tydelik as Voorsitter waar te neem gedurende sodanige afwesigheid. Die Sekretaris sit voor vir sodanige verkiesing.

Verkiesing van Hoofminister en Ministers.

Verkiesing van Hoofminister en ander Ministers.

18. Onmiddellik na die verkiesing van 'n Voorsitter en 'n Ondervoorsitter verkies die lede van die Wetgewende Vergadering 'n Hoofminister en Ministers soos bepaal by artikels *twaalf, dertien* en *veertien* van die Transkeise Grondwet, 1963 (Wet No. 48 van 1963).

DEEL II.

Amptelike opening van Wetgewende Vergadering.

Kennisgewing van byeenroeping van Vergadering moet gelees word.

19. Op die vasgestelde dag vir die opening van 'n nuwe Vergadering, nadat die lede vergader is in die Raadsaal, en op die vasgestelde tyd vir die amptelike opening, lei die Voorsitter die verrigtinge in die volgende volgorde: —

(*a*) Hy open die byeenkoms met gebed.
(*b*) Hy versoek die Sekretaris om die kennisgewing wat die Vergadering byeenroep, te lees.
(*c*) Hy versoek die Hoofminister, indien hy reeds verkies is, om voor die Tafel van die Vergadering te verskyn om die eed af te lê ingevolge artikel *agtien* van die Transkeise Grondwet, 1963 (Wet No. 48 van 1963).
(*d*) Hy versoek die ander Ministers, indien hulle reeds verkies is, om voor die Tafel van die Vergadering te verskyn ten einde die eed af te lê ingevolge artikel *agtien* van die Transkeise Grondwet, 1963 (Wet No. 48 van 1963).
(*e*) Hy kondig vervolgens die Staatspresident, of die persoon wat namens die Staatspresident die openingsrede lewer, aan.
(*f*) Geen debat word toegelaat oor die openingsrede nie maar die Voorsitter mag 'n mosie van dank deur die Hoofminister, of 'n ander persoon handelende namens die Vergadering, toelaat.

Procedure on Arrival and Departure of State President or Delegate.

20. Upon the entry into or departure from the Chamber of the State President or other person designated by him to perform the opening ceremony, the Chairman and members shall rise and remain standing in their places until the State President or his delegate has taken his seat or left the Chamber, as the case may be.

Proceedings on Meeting of Assembly not being a New Assembly.

21. On the first day of the meeting of the Assembly, not being a new Assembly, the members having met at the time and place appointed in the notice, the Chairman shall conduct the proceedings substantially in accordance with the procedure prescribed in Standing Rule No. 19 suitably adapted to the needs of the occasion.

PART III.

MAINTENANCE OF ORDER AND RULES OF DEBATE.

Conduct and Speeches of Members.

Chairman to Maintain Order.

22. Order shall be maintained in the Assembly by the Chairman. His decision on a point of order shall not be open to appeal and shall not be reviewed by the Assembly except on a substantive motion made after notice.

Members to Sit Down when Chairman Rises.

23. When the Chairman rises during proceedings in the Assembly or in Committee of the whole Assembly every member shall sit down and members shall be silent so that the Chairman may be heard without interruption.

Members to be Equal.

24. No Minister, Paramount Chief or other Chief or dignitary, being a member of the Assembly, may claim preferential treatment in the Assembly, by virtue of his hereditary or other position and such members shall set an example to other members in their respect and obedience to the Chair and in maintaining the order and dignity of the Assembly and the proceedings thereof.

Members to Speak Standing.

25. A member shall speak standing and shall address his observations to the Chairman.

Chairman to Select Speaker.

26. If two or more members rise at the same time to speak the Chairman shall select one member and call on him to speak.

Members not Speaking to be Seated.

27. When a member has finished speaking he shall resume his seat and any other member wishing to speak shall rise.

Matters on which Members may Speak.

28. A member may address the Assembly on the question before the Assembly or upon any amendment proposed thereto, or upon a question or amendment to be proposed by himself, or upon a question of order arising out of debate, but not otherwise.

Number of Times Members may Speak.

29. (1) No member shall address the Assembly more than once on a question, except in explanation or reply or when the whole Assembly is in Committee, such explanation being allowed only in case a material part of his speech has been misquoted or misunderstood, but he is not to introduce any new matter and no debate shall be allowed on such explanation.

(2) By the indulgence of the Assembly a member may explain matters of a personal nature although there be no question before the Assembly, and he must confine himself strictly to the vindication of his own conduct.

Duration of Speeches.

30. (1) Except in the case of a Minister and any member in charge of a draft bill, no member may exceed thirty minutes in speaking to any question.

Prosedure by aankoms en vertrek van Staatspresident of afgevaardigde.

20. By die binnekoms in of vertrek uit die Raadsaal van die Staatspresident of ander persoon deur hom aangewys om die openingsseremonie waar te neem, staan die Voorsitter en lede, en bly hulle staande op hulle plekke, totdat die Staatspresident of sy afgevaardigde sy sitplek ingeneem of die Raadsaal verlaat het, na gelang van die geval.

Verrigtinge by byeenkom van Vergadering wat nie 'n nuwe Vergadering is nie.

21. Op die eerste dag van die byeenkom van die Vergadering, wat nie 'n nuwe Vergadering is nie, en die lede byeen is op die plek en tyd aangewys in die kennisgewing, lei die Voorsitter die verrigtinge hoofsaaklik ooreenkomstig die prosedure voorgeskryf by Reglement No. 19, paslik gewysig ooreenkomstig die behoeftes van die geleentheid.

DEEL III.

HANDHAWING VAN ORDE EN REGLEMENTE VAN DEBAT.

Gedrag en Toesprake van Lede.

Voorsitter moet orde handhaaf.

22. Orde moet in die Vergadering deur die Voorsitter gehandhaaf word. Sy beslissing oor 'n punt van orde is nie onderworpe aan appèl en mag nie deur die Vergadering hersien word nie behalwe na 'n substantiewe mosie ingedien na kennisgewing.

Lede moet sit wanneer Voorsitter opstaan.

23. Wanneer die Voorsitter gedurende die verrigtinge van die Vergadering, of in Komitee van die hele Vergadering, opstaan, moet elke lid gaan sit en lede moet stil bly sodat die Voorsitter ongestoord gehoor kan word.

Lede is gelyk.

24. Geen Minister, Hoofkaptein of ander Kaptein of hoogwaardigheidsbekleër wat 'n lid van die Vergadering is mag voorkeurbehandeling in die Vergadering eis nie op grond van sy erfregtelike of ander posisie en sodanige lede moet 'n voorbeeld stel vir ander lede deur hulle eerbiedigheid en gehoorsaamheid aan die Stoel en in die handhawing van die orde en die waardigheid van die Vergadering en die verrigtinge daarvan.

Lede praat staande.

25. Elke lid staan as hy praat en rig sy opmerkings tot die Stoel.

Voorsitter kiés spreker.

26. Indien twee of meer lede gelyk opstaan om te praat, kies die Voorsitter een lid en versoek hom om te praat.

'n Lid wat nie praat nie moet sit.

27. 'n Lid wat klaar gepraat het, moet sit en enige lid wat wil praat, moet opstaan.

Sake waaroor lede kan praat.

28. 'n Lid kan oor die vraag voor die Vergadering praat of oor amendement daarop voorgestel, of oor 'n vraag of amendement wat hyself wil voorstel, of oor 'n punt van orde voortspruitende uit die debat, maar anders nie.

Getal kere wat lede mag praat.

29. (1) Geen lid mag die Vergadering meer as een maal oor 'n kwessie toespreek nie, behalwe by wyse van verduideliking of repliek of in Komitee van die hele Vergadering; sodanige verduideliking word toegelaat slegs ingeval 'n wesentlike deel van 'n lid se toespraak verkeerd aangehaal of misverstaan is, maar hy mag geen nuwe stof behandel nie en oor sodanige verduideliking word geen debat toegelaat nie.

(2) Met die vergunning van die Vergadering mag 'n lid sake van 'n persoonlike aard verduidelik hoewel daar geen vraag voor die Vergadering is nie en hy moet hom streng bepaal by die regverdiging van sy eie gedrag.

Beperking van toesprake.

30. (1) Behalwe in die geval van 'n Minister en enige lid belas met 'n wetsontwerp, mag geen lid langer as dertig minute oor enige vraag praat nie.

(2) No member shall in any Committee of the whole Assembly speak on any draft bill or other matter for longer than ten minutes at any one time, nor address the Committee for more than three such periods consecutively.

Right of Introducer of Motion to Reply to Debate.

31. Notwithstanding the provisions of rules 28 to 30 inclusive, a reply shall be allowed to a member who has moved a motion and such a reply closes the debate.

Form of Address.

32. During proceedings in the Assembly members shall refer to one another as the honourable Mr. (stating the member's name) or the honourable chief (stating the chief's or paramount chief's or chief's representative's title or name).

Speeches not to be Read.

33. A member may not read his speech but he may read extracts from books or papers in support of his argument and refresh his memory by reference to notes.

Conduct of Members during Sittings.

34. During a sitting a member shall—

(*a*) enter or leave the Assembly with decorum;

(*b*) be uncovered while in the Assembly and make obeisance to the Chair when entering or leaving the Council Chamber or passing to or from his place;

(*c*) not pass between the Chair and any member addressing the Assembly;

(*d*) not address the Chairman by name;

(*e*) not cross the floor of the Chamber unnecessarily;

(*f*) when crossing from one side of the Chamber to the other, pause in the centre and bow to the Chair;

(*g*) not read newspapers, books, letters or other documents except such matter therein as may be directly connected with the business then under consideration;

(*h*) while a member is speaking be silent and not make unseemly interruptions;

(*i*) when called to order by the Chairman immediately resume his seat; and

(*j*) when the Assembly adjourns keep his place until the Chairman has left the Chair.

When Interruptions may be Made.

35. A member shall not interrupt the speech of another member except—

(*a*) by rising to a point of order, when the member speaking shall resume his seat and the member interrupting shall simply direct attention to the point which he wishes to bring to notice and submit it to the Chairman for decision; or

(*b*) to put a relevant question to the speaker with the consent of the Chairman.

Speeches to be Relevant.

36. A member shall restrict his observations to the subject under discussion and shall not introduce matters irrelevant to that subject.

Pending Lawsuit Privileged.

37. Reference shall not be made to a case pending in a court of law in such a way as, in the opinion of the Chairman, might prejudice that case.

Questions on which Decision Taken Out of Order.

38. (1) It shall be out of order to attempt to reconsider a specified question on which the Assembly has taken a decision during any previous session, except on a substantive motion to rescind that decision, made with the permission of the Chairman.

(2) Geen lid mag in enige Komitee van die hele Vergadering langer as tien minute op 'n slag oor enige wetsontwerp of ander saak praat nie; ewemin mag hy die Komitee vir meer as drie sodanige tydperke na mekaar toespreek.

Reg van indiener van mosie om repliek op debat te lewer.

31. Nieteenstaande die bepalings van reglemente 28 tot en met 30 moet die indiener van 'n mosie die geleentheid vergun word om repliek te lewer, en sodanige repliek sluit die debat.

Aanspreekvorm.

32. Gedurende verrigtinge in die Vergadering moet lede na mekaar verwys as die agbare Mnr. (naam van lid moet gemeld word), of die agbare kaptein (naam of rang van kaptein, hoofkaptein of verteenwoordiger van kaptein moet gemeld word).

Lid mag sy toespraak nie voorlees nie.

33. 'n Lid mag sy toespraak nie voorlees nie, maar hy mag uittreksels uit boeke of dokumente ter stawing van sy argument voorlees, en hy mag sy geheue opfris deur aantekeninge te raadpleeg.

Gedrag van lede tydens sittings van die Vergadering.

34. Gedurende 'n sitting van die Vergadering moet 'n lid—

(*a*) die Vergadering binnekom of verlaat met dekorum;
(*b*) blootshoof wees terwyl hy die Vergadering bywoon, en hy moet 'n buiging voor die Stoel maak wanneer hy die Raadsaal binnekom of verlaat, of wanneer hy na of van sy sitplek gaan;
(*c*) nie tussen die Stoel en 'n lid wat aan die woord is verbygaan nie;
(*d*) nie die Voorsitter by sy naam noem wanneer hy hom aanspreek nie;
(*e*) nie onnodig oor die vloer van die Raadsaal stap nie;
(*f*) wanneer hy van een deel van die Raadsaal na 'n ander gaan, in die middel stilstaan en 'n buiging voor die Stoel maak;
(*g*) nie nuusblaaie, boeke, briewe of ander dokumente lees nie, behalwe sodanige stof daarin as wat regstreeks in verband staan met die aangeleentheid dan in oorweging;
(*h*) stilbly terwyl 'n ander lid aan die woord is, en hom nie onnodig in die rede val nie;
(*i*) wanneer hy deur die Voorsitter tot orde geroep is, dadelik gaan sit; en
(*j*) wanneer die Vergadering verdaag, in sy sitplek bly totdat die Voorsitter die Stoel verlaat het.

Wanneer lede in die rede geval mag word.

35. Geen lid mag 'n ander lid wat aan die woord is, in die rede val nie, behalwe—

(*a*) wanneer hy oor 'n punt van orde opstaan, en dan moet die lid wat aan die woord was, gaan sit, en die lid wat opgestaan het, moet slegs die punt noem waarop hy die aandag wil vestig en dit aan die Voorsitter voorlê vir sy beslissing; of

(*b*) om 'n tersaaklike vraag aan die spreker te stel met die toestemming van die Voorsitter.

Toesprake moet ter sake wees.

36. 'n Lid moet sy opmerkings oor die onderwerp in bespreking beperk, en mag geen sake wat nie op daardie onderwerp betrekking het, byhaal nie.

Hangende hofsaak gepriviligieerd.

37. Geen verwysing na enige saak waaroor 'n beslissing van 'n geregshof hangende is, mag op sodanige wyse gemaak word dat dit volgens die mening van die Voorsitter daardie saak kan benadeel nie.

Vrae wat reeds beslis is buite die orde.

38. (1) Dit is buite die orde om te poog om enige spesifieke vraag ten opsigte waarvan die Vergadering tydens enige vorige sessie 'n besluit geneem het, te heroorweeg, behalwe na 'n substantiewe mosie om daardie besluit te herroep, ingedien met die toestemming van die Voorsitter.

(2) No motion or amendment shall be proposed which is the same in substance as any motion which during the current session has been resolved in the affirmative or negative, but the order of resolution may be rescinded by motion after notice.

Insulting Language Out of Order.

39. It shall be out of order to use offensive and insulting language about members of the Assembly.

Imputation of Improper Motives Out of Order.

40. A member shall not impute improper motives to another member.

Personal Charges Out of Order.

41. A member shall not make a personal charge or use offensive or unbecoming words in reference to any member of the Assembly.

Offensive Expressions about Assembly Out of Order.

42. A member shall not use offensive expressions about the conduct or proceedings of the Assembly.

Procedure on Alleged Improper Conduct.

43. The personal conduct or any alleged improper motives of a member shall not be referred to except on a substantive motion moved for that purpose.

Names of State President or Commissioner-General not to be Used.

44. (1) The name of the State President or the Commissioner-General shall not be used to influence the Assembly.

(2) A member shall not publicly address the State President, the Commissioner-General or any other dignitary not being a member of the Assembly or any public servant or member of the public who may be present in the Assembly during its proceedings in accommodation assigned to them.

Conduct of State President and Others not to be Referred to.

45. (1) The conduct of the State President, the Commissioner-General, a Judge of the Supreme Court or other persons performing judicial functions, shall not be referred to or reflected upon.

(2) A member shall not use treasonable or seditious words or use the name of the State President irreverently.

Rules for Member Addressing Assembly.

46. A member shall not—

(*a*) refer to debates of the current session upon any question or draft bill not then under discussion except by the indulgence of the Assembly for personal explanation;

(*b*) anticipate the discussion of any other subject which appears on the Order Paper: Provided that in determining whether a discussion is out of order on the ground of anticipation regard shall be had by the Chairman to the probability of the matter being brought before the Assembly within a reasonable time;

(*c*) refer to the proceedings and report of a select committee before they have been presented to the Assembly.

Irrelevance or Repetition.

47. The Chairman, after having called the attention of the Assembly to the conduct of a member who persists in irrelevance or tedious repetition of his own or other members' arguments in debate may direct him to discontinue his speech and resume his seat.

Disorderly Conduct of Member.

48. The Chairman shall order a member whose conduct is grossly disorderly to withdraw immediately from the Assembly for the remainder of that day's sitting, and the Sergeant-at-Arms shall act on orders received by him from the Chair to ensure compliance with this order.

(2) Geen mosie of amendement mag voorgestel word wat in wese dieselfde is as enige mosie wat gedurende die huidige sessie aangeneem of verwerp is nie, maar die orde van die beslissing mag by mosie na kennisgewing herroep word.

Beledigende taal buite die orde.

39. Dit is buite die orde om aanstootlike en beledigende taal omtrent lede van die Vergadering te gebruik.

Toeskrywing van onbehoorlike motiewe buite die orde.

40. 'n Lid mag nie onbehoorlike motiewe aan 'n ander lid toeskryf nie.

Persoonlike aanvalle buite die orde.

41. 'n Lid mag nie 'n persoonlike aanval maak, of aanstootlike of onbetaamlike taal ten opsigte van enige lid van die Vergadering gebruik nie.

Aanstootlike uitdrukkings omtrent Vergadering buite die orde.

42. 'n Lid mag nie aanstootlike uitdrukkings oor die bestuur of verrigtinge van die Vergadering gebruik nie.

Prosedure by beweerde onbehoorlike gedrag.

43. Daar mag nie verwys word na die persoonlike gedrag of enige beweerde onbehoorlike motiewe van 'n lid nie, behalwe na 'n substantiewe mosie vir daardie doel ingedien.

Name van Staatspresident of Kommissaris-generaal mag nie gebruik word nie.

44. (1) Die naam van die Staatspresident of die Kommissaris-generaal mag nie gebruik word om die Vergadering te beïnvloed nie.

(2) 'n Lid mag nie in die openbaar die Staatspresident, die Kommissaris-generaal of enige ander hoofwaardigheidsbekleër wat nie 'n lid van die Vergadering is nie, of enige staatsamptenaar of lid van die publiek wat in aangewese plekke teenwoordig mag wees in die Vergadering gedurende die verrigtinge daarvan, aanspreek nie.

Gedrag van Staatspresident en ander mag nie na verwys word.

45. (1) Die gedrag van die Staatspresident, die Kommissaris-generaal, 'n Regter van die Hooggeregshof of ander persone wat regtelike pligte uitvoer, mag nie na verwys word of in 'n ongunstige lig gestel word nie.

(2) 'n Lid mag nie verradelike of oproerige taal gebruik of die naam van die Staatspresident oneerbiedigliik gebruik nie.

Reglemente vir lid wat Vergadering toespreek.

46. 'n Lid mag nie—

(*a*) na enige debat van die huidige sessie oor 'n onderwerp of wetsontwerp wat op die oomblik nie in bespreking is, verwys nie, behalwe met vergunning van die Vergadering ter wille van 'n persoonlike verduideliking;

(*b*) die bespreking van enige ander onderwerp wat op die ordepapier voorkom, vooruitloop nie: Met dien verstande dat wanneer die Voorsitter moet beslis of 'n bespreking buite die orde is weens vooruitloping, hy in ag neem of dit waarskynlik is dat die saak wat vooruitgeloop word, binne 'n redelike tyd voor die Vergadering gebring sal word;

(*c*) na die verrigtinge en verslag van 'n gekose komitee verwys alvorens dit aan die Vergadering voorgelê is nie.

Ontoepaslikheid of herhaling.

47. Nadat die Voorsitter die aandag van die Vergadering gevestig het op die gedrag van 'n lid wat volhou om aangeleenthede wat nie ter sake is nie, te bespreek of om sy eie argumente of dié van 'n ander lid in die debat tot vervelens toe te herhaal, kan hy die lid gelas om sy toespraak te staak en sy sitplek in te neem.

Wanordelike gedrag van lid.

48. Die Voorsitter gelas 'n lid wie se gedrag uiters wanordelik is om onmiddellik die Vergadering vir die res van die sittingsdag te verlaat, en die Ampswag handel ooreenkomstig die bevele wat hy van die Stoel mag ontvang om te verseker dat daar aan die bevel voldoen word.

Disorderly Conduct; Censure by Assembly.

49. (1) A member who—

(*a*) disregards the authority of the Chair;
(*b*) uses objectionable words and not explaining or retracting them or offering any satisfactory apologies for the use thereof;
(*c*) having been called to order by the Chairman refuses to resume his seat;
(*d*) disregards, abuses or fails to observe the rules of the Assembly;
(*e*) wilfully obstructs the business of the Assembly;

shall forthwith be censured by the Assembly.

(2) Any member against whom action was taken by the Chairman or the Assembly in terms of the provisions of this rule and rule 48 shall in addition to any penalty imposed by the Assembly or the Chairman forfeit for that day any allowances payable to him by reason of his being a member of the Assembly.

Chairman's Powers to Adjourn Assembly or Suspend Sitting.

50. In the case of great disorder arising in the Assembly the Chairman may adjourn the Assembly or suspend any sitting for a time to be named by him.

PART IV.

LANGUAGES.

Languages to be Used.

51. Speeches shall be delivered either in Afrikaans, English, Xhosa or Sesuto and speeches shall be interpreted from one language into one or more of the languages mentioned above if the Chairman so directs.

PART V.

OFFICERS OF THE ASSEMBLY.—RECORDS AND PAPERS.

Secretary of Assembly.

(ii) dat, tensy daar in 'n skriftelike kontrak tussen 'n werkgewer en sy werknemer uitdruklik anders bepaal word; niks in hierdie Vasstelling só uitgelê mag word dat dit 'n werkgewer belet om van 'n werknemer te vereis dat hy 'n ander klas werk verrig waarvoor die voorgeskrewe loon dieselfde of laer is as dié wat vir so 'n werknemer voorgeskryf word nie.

(4) *Loonberekening.*—(*a*) Die dagloon van 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, is sy weekloon gedeel deur—

(i) vyf, as hy 'n werkweek van vyf dae het;

(ii) ses, wat betref enige ander werknemer.

(*b*) Die maandloon van 'n werknemer is vier en 'n derde maal sy weekloon.

(*c*) Die uurloon van 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, is sy weekloon gedeel deur—

(i) ses-en-veertig wat betref 'n werknemer in die afdeling kitsklaarkoffie;

(ii) vyf-en-veertig wat betref enige ander werknemer.

(5) *Vervoertoelae en -uitgawes.*—Benewens die betaling van enige ander beloning verskuldig—

(*a*) aan 'n handelsreisiger wat van sy werkgewer se motorvoertuig gebruik maak of van wie vereis word dat hy per trein of enige ander vervoermiddel as sy eie reis, moet sy werkgewer hom alle redelike uitgawes vergoed wat hy in die uitvoering van sy pligte in verband met sodanige vervoer aangaan, en by die toepassing van hierdie subklousule word die koste van die oornagstalling van 'n motorvoertuig geag 'n vervoeruitgawe te wees;

(*b*) aan 'n handelsreisiger van wie vereis word dat hy self 'n motorvoertuig in die uitvoering van sy pligte verskaf, moet sy werkgewer hom 'n vervoertoelae betaal van minstens—

(i) in die geval van 'n voertuig wat hoogstens 2,500 lb. weeg en wat hoogstens vier silinders het: 6 sent;

(ii) in die geval van 'n voertuig waarvan die gewig 2,500 lb. maar nie 2,900 lb. te bowe gaan nie en wat hoogstens vier silinders het: 7½ sent;

(iii) in die geval van 'n voertuig wat ses of agt silinders het en waarvan die gewig nie 2,900 lb. te bowe gaan nie: 7½ sent;

(iv) in die geval van 'n voertuig waarvan die gewig 2,900 lb. te bowe gaan: 10 sent

vir elke myl wat hy in die uitvoering van sy pligte gereis het; en by die toepassing van hierdie subklousule beteken die uitdrukking „gewig" die gewig soos aangeteken op 'n lisensie of sertifikaat wat deur 'n owerheid, by wet gemagtig om sodanige lisensie of sertifikaat uit te reik, ten opsigte van sodanige voertuig uitgereik is.

(6) *Onderhoudstoelae en -uitgawes.*—Benewens die betaling van enige ander beloning verskuldig—

(*a*) aan 'n handelsreisiger wat op enige reis wat hy in die uitvoering van sy pligte onderneem, 'n langer tydperk as ses opeenvolgende ure van sy woonplek en sy werkgewer se bedryfsinrigting afwesig is—

(i) moet sy werkgewer hom alle redelike uitgawes vergoed wat hy in iedere sodanige tydperk van afwesigheid wat nie oor 'n nag strek nie, aan etes en tee vir hom self aangaan;

(ii) moet sy werkgewer hom 'n onderhoudstoelae van minstens twee rand vyf-en-sewentig sent vir iedere nag betaal, as so 'n afwesigheid oor een of meer nagte strek;

(*b*) a traveller's assistant who, accompanying a traveller on any journey undertaken by the traveller in the performance of his duties, is absent from the place of his residence and his employer's establishment for any period in excess of six consecutive hours, his employer shall—

(i) reimburse him all expenses reasonably incurred by him for any meals and teas for himself during each such period of absence not extending over a night;

(ii) pay him a subsistence allowance of not less than eighty cents for each night where such absence extends over one or more nights:

Provided that for the purpose of this sub-clause the expression "night" means the period between 11 o'clock p.m. and 4 o'clock a.m.

(7) (*a*) Any allowance and expenses payable to an employee in terms of sub-clauses (5) and (6) shall be paid paid by an employer within seven days of the employee's written claim therefor: provided that an employee shall submit any such claims within one month of entitlement but shall not submit more than one claim in any one week.

(*b*) An employer may require his traveller to frame any claim so that it shall reflect—

(i) in respect of any claim in terms of sub-clause (5) (*a*), the mode of travel employed and the transport expenses incurred or the nature of any other expense for which reimbursement is claimed;

(ii) in respect of any claim in terms of sub-clause (5) (*b*), the mileage travelled each day, the points of call and, except in municipal areas, the route followed;

(iii) in respect of any claim in terms of sub-clause (6), the times of commencement and ending of each period of absence;

and to enable him to comply with such a requirement, his employer shall, before any such journey is undertaken by such traveller, provide him with a suitable book or forms in or on which to maintain suitable records.

4. PAYMENT OF REMUNERATION.

(1) *Employees Other than Casual Employees.*—Save as provided in clauses 3 (7) and 6 (4), any amount due to an employee, other than a casual employee, shall be paid in cash weekly or, with the consent of the employee, in cash or by cheque monthly during the ordinary hours of work on the usual pay day of the establishment for such employee (or in the case of a continuous process worker or a shift worker at a time agreed upon between such employee and his employer, which time shall be during the usual office hours of the establishment but not later than twenty-four hours after the usual pay day) or on termination of employment if this takes place before the usual pay day, and such amount shall be contained in a closed envelope or container, on which shall be recorded, or which shall be accompanied by a statement showing—

(*a*) the employer's name;
(*b*) the employee's name or his number on the pay roll and his occupation;
(*c*) the number of ordinary hours of work worked by the employee;
(*d*) the number of overtime hours worked by the employee;
(*e*) the employee's wage;
(*f*) the details of any other remuneration arising out of the employee's employment;
(*g*) the details of any deductions made;
(*h*) the actual amount paid to the employee; and
(*i*) the period in respect of which payment is made;

and such envelope or container on which these particulars are recorded or such statement shall become the property of the employee.

(2) *Casual Employee.*—An employer shall pay the remuneration due to a casual employee in cash on termination of his employment.

(3) *Premiums.*—No payment shall be made to or accepted by an employer, either directly or indirectly, in respect of the employment or training of an employee.

(4) *Purchase of Goods.*—An employer shall not require his employee to purchase any goods from him or from any shop, place or person nominated by him.

(5) *Board and Lodging.*—Save as provided in the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, an employer shall not require his employee to board or lodge or board and lodge with him or with any person or at any place nominated by him.

(6) *Deductions.*—An employer shall not levy any fines against his employee nor shall he make any deductions from his employee's remuneration: Provided that he may make the following:—

(*a*) With the written consent of his employee, a deduction for holiday, sick benefit, medical aid, insurance, savings, provident or pension funds, or subscriptions to trade unions;

(*b*) except where otherwise provided in this Determination, whenever an employee is absent from work, other than on the instructions or at the request of his employer, a deduction proportionate to the period of his absence and calculated on the basis of the wage which such employee was receiving in respect of his ordinary hours of work at the time of such absence;

(*b*) aan 'n handelsreisiger se hulp wat, wanneer hy 'n handelsreisiger vergesel op enige reis wat die handels-reisiger in die uitvoering van sy pligte onderneem, 'n langer tydperk as ses opeenvolgende ure van sy woonplek en sy werkgewer se bedryfsinrigting afwesig is—

(i) moet sy werkgewer hom alle redelike uitgawes vergoed wat hy in iedere sodanige tydperk van afwesigheid wat nie oor 'n nag strek nie, aan etes en tee vir homself aangaan;

(ii) moet sy werkgewer hom 'n onderhoudstoelae van minstens tagtig sent vir elke nag betaal, as so 'n afwesigheid oor een of meer nagte strek:

Met dien verstande dat by die toepassing van hierdie subklousule die uitdrukking „nag" die tydperk tussen 11-uur nm. en 4-uur vm. beteken.

(7) (*a*) 'n Werkgewer moet alle toelaes en uitgawes wat ingevolge sub-klousules (5) en (6) aan 'n werknemer betaalbaar is, aan hom betaal binne sewe dae nadat die werknemer dit skriftelik geëis het: Met dien verstande dat 'n werknemer iedere sodanige eis indien binne een maand vanaf die tydstip waarop hy daartoe geregtig geword het maar dat hy nie meer as een eis in 'n week indien nie.

(*b*) 'n Werkgewer kan vereis dat sy handelsreisiger iedere eis só opstel dat dit die volgende weergee—

(i) in die geval van 'n eis ingevolge subklousule 5 (*a*), die soort vervoer en die vervoerkoste of die aard van alle ander uitgawes waarvoor hy vergoeding eis;

(ii) in die geval van 'n eis ingevolge subklousule 5 (*b*), die mylafstand wat hy elke dag afgelê het, watter plekke besoek is en, uitgesonderd in munisipale gebiede, die gevolgde roete;

(iii) in die geval van 'n eis ingevolge subklousule (6), die tyd waarop elke tydperk van afwesigheid onderskeidelik begin en geëindig het,

en ten einde aan so 'n vereiste te kan voldoen, moet sy werkgewer, voor sodanige reis begin, sodanige handelsreisiger voorsien van 'n geskikte boek of vorms om gepaste aantekeninge te hou.

4. BETALING VAN BELONING.

(1) *Werknemers uitgesonderd los werknemers.*—Behoudens die bepalings van klousules 3 (7) en 6 (4), moet iedere bedrag verskuldig aan 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, weekliks in kontant of, as die werknemer daartoe instem, maandeliks in kontant of per tjek betaal word gedurende die gewone werkure op die dag waarop die bedryfsinrigting so 'n werknemer gewoonlik betaal (of wat betref 'n werker in 'n kontinue proses of 'n skofwerker op 'n tyd waaroor sodanige werkgewer en sy werknemer ooreengekom het, en wat gedurende die gewone kantoorure van die bedryfsinrigting moet wees maar nie later as vier-en-twintig uur na die gewone betaaldag nie) of by diensbeëindiging, as dit vóór die gewone betaaldag geskied, en sodanige bedrag moet in 'n geslote koevert of houer wees waarop aangegee word, of wat vergesel gaan van 'n staat wat aantoon—

(*a*) die werkgewer se naam;
(*b*) die werknemer se naam of sy nommer in die betaalstaat en sy beroep;
(*c*) die getal gewone werkure wat die werknemer gewerk het;
(*d*) die getal ure wat die werknemer oortyd gewerk het;
(*e*) die werknemer se loon;
(*f*) die besonderhede omtrent enige ander beloning ter sake van die werknemer se diens;
(*g*) besonderhede omtrent enige bedrae wat afgetrek is;
(*h*) die werklike bedrag wat aan die werknemer betaal word; en
(*i*) die tydperk waarvoor die betaling geskied;

en sodanige koevert of houer wat hierdie inligting verstrek of sodanige staat word die eiendom van die werknemer.

(2) *Los werknemer.*—'n Werkgewer moet die beloning wat aan 'n los werknemer verskuldig is, by die beëindiging van sy diens aan hom in kontant betaal.

(3) *Premies.*—Geen bedrag mag regstreeks of onregstreeks vir die indiensneming of opleiding van 'n werknemer aan 'n werkgewer betaal of deur hom aangeneem word nie.

(4) *Koop van goedere.*—'n Werkgewer mag nie vereis dat sy werknemer van hom of van enige winkel, plek of persoon deur hom aangewys goedere koop nie.

(5) *Kos en inwoning.*—Behoudens die bepalings van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, mag 'n werkgewer nie vereis dat sy werknemer by hom of by enige ander persoon of plek deur hom aangewys, eet of inwoon of eet en inwoon nie.

(6) *Aftrekkings.*—'n Werkgewer mag sy werknemer geen boetes oplê of bedrae van sy werknemer se beloning aftrek nie: Met dien verstande dat hy die volgende kan aftrek:—

(*a*) Met die skriftelike toestemming van sy werknemer, 'n bedrag vir 'n vakansie-, siektebystands-, mediese hulp-, versekerings-, spaar-, voorsorg- of pensioenfonds, of vir ledegelde van vakverenigings;

(*b*) behoudens andersluidende bepalings in hierdie Vasstelling, telkens wanneer 'n werknemer om 'n ander rede as op las of versoek van sy werkgewer uit sy werk afwesig is, 'n bedrag eweredig aan die tydperk van sy afwesigheid en bereken op grondslag van die loon wat so 'n werknemer ten tyde van sodanige afwesigheid vir sy gewone werkure ontvang het;

(*c*) a deduction of any amount which an employer by law or order of any competent court is required or permitted to make;

(*d*) whenever an employee agrees or is required in terms of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, to accept board and lodging or board or lodging with his employer, a deduction not exceeding the amounts specified hereunder—

	Per Week.	*Per Month.*
	R c	R c
(i) Board	0 80	3 47
(ii) Lodging	0 40	1 73
(iii) Board and lodging	1 20	5 20;

(*e*) whenever the ordinary hours of work prescribed in clause 5 are reduced on account of short-time, a deduction to the amount of the employee's (other than a casual employee's) hourly wage in respect of each hour of such reduction: Provided—

(i) that no deduction shall be made in the case of short-time arising out of slackness of trade or shortage of raw materials, unless the employer has given his employee notice on the previous work day of his intention to reduce the ordinary hours of work;

(ii) that no deduction shall be made in the case of short-time owing to a general breakdown of plant or machinery or a breakdown or threatened breakdown of buildings, in respect of the first hour not worked, unless the employer has given his employee notice on the previous day that no work will be available;

(*f*) with the written consent of an employee, a deduction of any amount which an employer has paid to any municipal council or other local authority in respect of the rent of any house or accommodation in any hostel occupied by such employee in any location or Native village under the control of such council or other local authority.

5. HOURS OF WORK, ORDINARY AND OVERTIME, AND PAYMENT FOR OVERTIME.

(1) *Ordinary Hours of Work.*—An employer shall not require or permit an employee, other than a casual employee or a continuous process worker, to work more ordinary hours of work than—

(A) in the instant coffee section—

(*a*) in the case of an employee who works a six-day week—

(i) forty-six in any week from Monday to Saturday, inclusive; and

(ii) subject to the provisions of sub-paragraph (i) hereof, eight on any day, unless the hours on one day do not exceed five, in which case the hours on any day of the other days may be extended to eight and one-half;

(*b*) in the case of an employee who works a five-day week—

(i) forty-six in any week from Monday to Friday, inclusive; and

(ii) subject to the provisions of sub-paragraph (i) hereof, nine and one-quarter on any day;

(B) in all other sections—

(*a*) in the case of an employee who works a six-day week—

(i) forty-five in any week from Monday to Saturday, inclusive; and

(ii) subject to the provisions of sub-paragraph (i) hereof, eight on any day, unless the hours on one day do not exceed five, in which case the hours on any of the other days may be extended to eight and one-half;

(*b*) in the case of an employee who works a five-day week—

(i) forty-five in any week from Monday to Friday, inclusive; and

(ii) subject to the provisions of sub-paragraph (i) hereof, nine on any day.

(2) An employer shall not require or permit a continuous process worker to work more ordinary hours of work than—

(i) forty-eight in any week from Sunday to Saturday, inclusive; and

(ii) subject to the provisions of sub-paragraph (i) hereof, eight on any day: Provided that an employer may require or permit an employee to work two shifts of eight hours on one day but not more often than once in any period of three consecutive weeks and so that the employee has a free period of at least eight hours between such shifts.

(3) An employer shall not require or permit a casual employee to work more ordinary hours of work than eight on any day.

(*c*) iedere bedrag wat 'n werkgewer by wet of op bevel van 'n bevoegde hof verplig of toegelaat word om af te trek;

(*d*) wanneer 'n werknemer daarmee instem, of ingevolge die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, verplig word, om kos en inwoning of kos of inwoning van sy werkgewer aan te neem, 'n bedrag hoogstens gelyk aan onderstaande bedrae:—

	Per week.	*Per maand.*
	R c	R c
(i) Kos	0 80	3 47
(ii) Inwoning	0 40	1 73
(iii) Kos en inwoning	1 20	5 20;

(*e*) wanneer die gewone werkure in klousule 5 voorgeskryf weens korttyd verminder word, 'n bedrag gelyk aan die werknemer (uitgesonderd 'n los werknemer) se uurloon vir elke uur van sodanige vermindering: Met dien verstande—

(i) dat geen aftrekking ten opsigte van korttyd wat deur 'n slapte in die bedryf of 'n tekort aan grondstowwe ontstaan, geskied nie, tensy die werkgewer sy werknemer op die vorige werkdag kennis gegee het van sy voorneme om die gewone werkure te verminder;

(ii) dat ten opsigte van korttyd weens die feit dat die masjinerie of installasie uit orde is, of die geboue onbruikbaar is of dreig om dit te word, geen aftrekking geskied vir die eerste uur waarin daar nie gewerk word nie, tensy die werkgewer sy werknemer op die vorige dag kennis gegee het dat daar geen werk sal wees nie;

(*f*) met die skriftelike toestemming van 'n werknemer, iedere bedrag wat 'n werkgewer aan 'n munisipale raad of ander plaaslike bestuur betaal het aan huur van 'n huis, of aan huisvesting in 'n tehuis, wat die werknemer in 'n lokasie of Naturelledorp onder die beheer van so 'n raad of ander plaaslike bestuur bewoon.

5. WERKURE, GEWONE EN OORTYD-, EN DIE BETALING VIR OORTYD.

(1) *Gewone werkure.*—'n Werkgewer mag nie vereis of toelaat dat 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer of 'n werker in 'n kontinue proses, meer gewone werkure werk nie as—

(A) in die afdeling kitsklaarkoffie—

(*a*) in die geval van 'n werknemer wat ses dae in 'n week werk—

(i) ses-en-veertig in enige week van Maandag tot en met Saterdag; en

(ii) behoudens die bepalings van subparagraaf (i) hiervan, agt op 'n dag, tensy die ure op een dag nie meer as vyf is nie, wanneer die ure op enigeen van die orige dae tot agt en 'n half verleng kan word;

(*b*) in die geval van 'n werknemer wat vyf dae in 'n week werk—

(i) ses-en-veertig in enige week van Maandag tot en met Vrydag; en

(ii) behoudens die bepalings van subparagraaf (i) hiervan, nege en 'n kwart op enige dag;

(B) in alle ander afdelings—

(*a*) in die geval van 'n werknemer wat ses dae in 'n week werk—

(i) vyf-en-veertig in enige week van Maandag tot en met Saterdag; en

(ii) behoudens die bepalings van subparagraaf (i) hiervan, agt op 'n dag, tensy die ure op een dag nie meer as vyf is nie, wanneer die ure op enigeen van die orige dae tot agt en 'n half verleng kan word;

(*b*) in die geval van 'n werknemer wat vyf dae in 'n week werk—

(i) vyf-en-veertig in enige week van Maandag tot en met Vrydag; en

(ii) behoudens die bepalings van subparagraaf (i) hiervan, nege op enige dag.

(2) 'n Werkgewer mag nie vereis of toelaat dat 'n werker in 'n kontinue proses meer gewone werkure werk nie as—

(i) agt-en-veertig in enige week van Sondag tot en met Saterdag;

(ii) behoudens die bepalings van subparagraaf (i) hiervan, agt op 'n dag: Met dien verstande dat 'n werkgewer kan vereis of toelaat dat 'n werknemer twee skofte van agt uur op een dag werk maar dan nie meer as eenmaal in enige tydperk van drie opeenvolgende weke nie en op so 'n wyse dat die werknemer 'n vry tydperk van minstens agt ure tussen sodanige skofte het.

(3) 'n Werkgewer mag nie vereis of toelaat dat 'n los werknemer meer gewone werkure as agt op 'n dag werk nie.

(4) *Meal intervals.*—An employer shall not require or permit an employee to work for more than five hours continuously without a meal interval of not less than one hour during which interval such employee shall not be required or permitted to perform any work and such interval shall be deemed not to be part of the ordinary hours of work or overtime: Provided—

(i) that an employer may agree with his employee to reduce the period of such meal interval to not less than half an hour, and in that event and after the employer has lodged a statement of such agreement with the Divisional Inspector, Department of Labour, for his area, the meal interval may be so reduced;
(ii) that periods of work interrupted by intervals of less than one hour, except when proviso (i) or (vi) applies, shall be deemed to be continuous;
(iii) that, if such interval be longer than one hour, any period in excess of one-and-one-quarter hours shall be deemed to be time worked.
(iv) that a driver of a motor vehicle who during such interval does no work other than being or remaining in charge of the vehicle shall be deemed for the purposes of this sub-clause not to have worked during such interval;
(v) that not more than one such interval during the ordinary hours of work of an employee on any day shall be deemed not to form part of the ordinary hours of work;
(vi) that when on any day by reason of overtime work an employer is required to give an employee a second meal interval, such interval may, at the request of the employee, be reduced to fifteen minutes so long as the total period worked by the employee after the first meal interval of the day does not exceed seven hours;
(vii) that such interval need not be granted to a boiler attendant, a continuous process worker or a shift worker during his ordinary hours of work on any shift if he is given the opportunity during such hours of having a meal while at his post.

(5) *Rest Intervals.*—An employer shall grant to each of his employees a rest interval of not less than ten minutes as near as practicable—

(*a*) in the middle of each first work period in a day;
(*b*) in the middle of each second work period in a day where such period is longer than three hours;

and during such interval such employee shall not be required or permitted to perform any work, and such interval shall be deemed to be part of the ordinary hours of work of such employee.

(6) *Hours of Work to be Consecutive.*—Save as provided in sub-clauses (2) (ii) and (4), all hours of work of an employee on any day shall be consecutive.

(7) *Overtime.*—Save as provided in sub-clause (2) (ii) all time worked by a continuous process worker in excess of forty-six hours in any week or eight hours on any day shall for the purpose of payment be deemed to be overtime.

(8) *Limitation of Overtime.*—An employer shall not require or permit an employee to work overtime for more than—

(*a*) in the case of a casual employee, two hours on any day;
(*b*) in the case of any other employee, ten hours in any week.

(9) *Female Employees.*—Notwithstanding anything to the contrary contained in this clause, an employer shall not require or permit a female employee to work—

(*a*) between 6 o'clock p.m. and 6 o'clock a.m.;
(*b*) after 1 o'clock p.m. on more than five days a week;
(*c*) overtime for more than two hours on any day, except that an employee who works a five-day week may work up to four hours overtime on a Saturday;
(*d*) overtime on more than three consecutive days in any week;
(*e*) overtime on more than sixty days in any year;
(*f*) overtime after completion of her ordinary hours of work for more than one hour on any day unless he has—
  (i) before midday given notice thereof to such employee; or
  (ii) provided such employee with an adequate meal and allowed her sufficient time to have it before she has to commence overtime; or
  (iii) paid such employee not less than twenty-five cents in sufficient time to enable her to obtain and have a meal before overtime is due to commence.

(10) *Payment for Overtime.*—An employer shall pay an employee who works overtime at a rate of not less than—

(*a*) in the case of a casual employee, one and one-third times his ordinary wage in respect of the total period so worked by such employee on any day;
(*b*) in the case of any other employee, one and one-third times his ordinary wage in respect of the total period so worked by such employee in any week.

(11) *Day of Rest.*—An employer shall grant to each of his continuous process workers one full day of rest in every week but, if an employer requires or permits such an employee to work on his day of rest, the hours so worked shall be deemed not to be part of the ordinary hours of work prescribed in sub-clause (2).

(4) *Etenspouses.*—'n Werkgewer mag nie vereis of toelaat dat 'n werknemer meer as vyf uur aaneen werk sonder 'n etenspouse van minstens een uur waarin so 'n werknemer nie verplig of toegelaat mag word om enige werk te verrig nie, en dié pouse word geag geen deel van die gewone werkure of oortydwerk te vorm nie: Met dien verstande—

(i) dat 'n werkgewer met sy werknemer kan ooreenkom om die duur van so 'n etenspouse tot uiters 'n halfuur te verkort, en in dié geval en nadat die werkgewer 'n weergawe van dié ooreenkoms by die Afdelingsinspekteur, Departement van Arbeid, van sy gebied ingedien het, kan die etenspouse aldus verkort word;
(ii) dat werktye wat onderbreek word deur pouses van minder as 'n uur behalwe waar voorbehoud (i) of (vi) van toepassing is, geag word aaneen te loop;
(iii) dat, as so 'n pouse langer as 'n uur is, elke tydperk van meer as een en 'n kwart uur geag word tyd te wees waarin daar gewerk is;
(iv) dat 'n bestuurder van 'n motorvoertuig wat in so 'n pouse geen ander werk verrig as om in die beheer van die voertuig te wees of te bly nie, by die toepassing van hierdie subklousule geag word in dié pouse nie te gewerk het nie;
(v) dat hoogstens een sodanige pouse gedurende die gewone werkure van 'n werknemer op enige dag geag word geen deel van die gewone werkure te vorm nie;
(vi) dat, as op enige dag, as gevolg van oortydwerk, van 'n werkgewer vereis word dat hy aan 'n werknemer 'n tweede etenspouse toestaan, sodanige pouse op versoek van die werknemer verminder mag word na vyftien minute, mits die totale tydperk wat deur die werknemer ná die eerste pouse van die dag gewerk word, nie sewe uur te bowe gaan nie;
(vii) dat sodanige pouse nie op enige skof aan 'n ketelbediener, skofwerker of 'n werker in 'n kontinue proses gedurende sy gewone werkure hoef toegestaan te word nie indien aan hom gedurende sodanige ure die geleentheid gegee word om op sy pos 'n ete te nuttig.

(5) *Ruspouses.*—'n Werkgewer moet aan elkeen van sy werknemers 'n ruspouse van minstens tien minute so na as doenlik—

(*a*) in die middel van die eerste werkperiode van die dag;
(*b*) in die middel van die tweede werkperiode van die dag indien sodanige periode langer as drie uur is;

toestaan waarin die werknemer nie verplig of toegelaat mag word om enige werk te verrig nie, en so 'n pouse word geag deel van die gewone werkure van so 'n werknemer te vorm.

(6) *Werkure moet opeenvolgend wees.*—Behoudens die bepalings van subklousules (2) (ii) en (4), moet alle werkure van 'n werknemer op iedere dag op mekaar volg.

(7) *Oortyd.*—Behoudens die bepalings van subklousule (2) (ii) word alle tyd wat 'n werker in 'n kontinue proses langer as ses-en-veertig uur in enige week of agt uur op enige dag werk vir die doel van betaling geag oortyd te wees.

(8) *Beperking van oortyd.*—'n Werkgewer mag nie vereis of toelaat dat 'n werknemer langer oortyd werk nie as—

(*a*) wat 'n los werknemer betref, twee uur op 'n dag;
(*b*) wat iedere ander werknemer betref, tien uur in 'n week.

(9) *Vroulike werknemers.*—Ondanks andersluidende bepalings in hierdie klousule, mag 'n werkgewer nie vereis of toelaat dat 'n vroulike werknemer—

(*a*) tussen 6-uur nm. en 6-uur vm. werk nie;
(*b*) op meer as vyf dae in 'n week na 1-uur nm. werk nie;
(*c*) meer as twee uur oortyd op 'n dag werk nie, behalwe dat 'n werknemer met 'n werkweek van vyf dae op 'n Saterdag tot vier uur oortyd kan werk;
(*d*) op meer as drie opeenvolgende dae in 'n week oortyd werk nie;
(*e*) op meer as sestig dae in 'n jaar oortyd werk nie;
(*f*) na voltooiing van haar gewone werkure meer as een uur op 'n dag oortyd werk nie, tensy hy—
  (i) so 'n werknemer voor die middag kennis daarvan gegee het; of
  (ii) so 'n werknemer van 'n behoorlike ete voorsien en haar genoeg tyd gelaat het om dit te nuttig voordat sy met die oortydwerk moet begin; of
  (iii) so 'n werknemer minstens vyf-en-twintig sent betyds betaal het om haar in staat te stel om 'n ete te verkry en te nuttig voordat die oortydwerk begin.

(10) *Betaling vir oortydwerk.*—'n Werkgewer moet 'n werknemer wat oortyd werk, betaal teen 'n tarief van—

(*a*) wat 'n los werknemer betref, minstens een en 'n derde maal sy gewone loon ten opsigte van die totale tydperk wat sodanige werknemer op enige dag aldus gewerk het;
(*b*) wat iedere ander werknemer betref, minstens een en derde maal sy gewone loon ten opsigte van die totale tydperk wat sodanige werknemer in enige week aldus gewerk het.

(11) *Rusdag.*—'n Werkgewer moet aan elkeen van sy werkers in 'n kontinue proses een volle rusdag in elke week toestaan, maar as 'n werkgewer vereis of toelaat dat sodanige werknemer op sy rusdag werk, sal die ure wat aldus gewerk word nie geag word deel van die gewone ure soos voorgeskryf in subklousule (2) te wees nie.

(12) *Savings.*—(*a*) The provisions of this clause shall not apply to a traveller, traveller's assistant or a watchman.

(*b*) The provisions of this clause shall not apply to a driver salesman, a senior managerial, professional or administrative employee or a foreman if and for so long as such an employee is regularly in receipt of remuneration at a rate of not less than R156 per month.

(*c*) The provisions of sub-clauses (4), (5), (6) and (8) shall not apply to an employee while he is engaged on emergency work or a chauffeur.

(*d*) The provisions of sub-clause (5) shall not apply to a boiler attendant, a driver of a motor vehicle, a labourer assisting on a delivery vehicle, a continuous process worker or a shift worker.

6. ANNUAL LEAVE.

(1) Subject to the provisions of sub-clause (2), an employer shall grant to his employee, other than a casual employee, in respect of each completed period of twelve months of employment with him—

(*a*) in the case of a traveller, a traveller's assistant or a watchman, twenty-one consecutive calendar days' leave;

(*b*) in the case of every other employee, fourteen consecutive calendar days' leave,

and shall pay such employee in respect of such leave—

(i) in the case of an employee referred to in paragraph (*a*), an amount of not less than three times the weekly wage to which he is entitled as from the first day of the leave;

(ii) in the case of an employee referred to in paragraph (*b*), an amount of not less than double the weekly wage to which he is entitled as from the first day of the leave:

Provided that for the purpose of this clause the weekly wage of a traveller who is employed on commission work shall be calculated by dividing the remuneration payable to him by virtue of his agreement in accordance with clause 9 (7) in respect of the twelve months immediately preceding the date of the accrual of his leave by fifty-two or if he has had less than twelve months of such employment, by dividing the total remuneration so payable to him by the number of completed weeks in such period: Provided further that for the purpose of this clause the weekly wage of any employee who is engaged on piece-work shall be calculated on the basis set out in section 20 (5) (*a*) of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941.

(2) The leave prescribed in sub-clause (1) shall be granted at a time to be fixed by the employer: Provided—

(i) that, if such leave has not been granted earlier, it shall, save as provided in sub-clause (3), be granted so as to commence within four months after the completion of the twelve months of employment to which it relates or, if the employer and employee have agreed thereto in writing before the expiration of the said period of four months, the employer shall grant such leave to the employee as from a date not later than two months after the expiration of the said period of four months;

(ii) that the period of leave shall not be concurrent with sick leave granted in terms of clause 7 nor, unless the employee so requests and the employer agrees thereto in writing, with any period of military training under the Defence Act, 1957;

(iii) that if New Year's Day, Good Friday, Ascension Day, the Day of the Covenant or Christmas Day falls within the period of such leave, another work day shall, for each such holiday, be added to the said period as a further period of leave and the employee shall be paid an amount of not less than his daily wage in respect of each such day added;

(iv) that an employer may set off against such period of leave any days of occasional leave granted on full pay to his employee at his employee's written request during the period of twelve months to which the period of leave relates.

(3) (*a*) At the written request of an employee, an employer may permit the leave to accumulate over a period of not more than twenty-four months of employment: Provided—

(i) that such request is made by such employee not later than four months after the expiry of the first period of twelve months of employment to which the leave relates, and

(ii) that the date of the receipt of such request is endorsed on the request over his signature by the employer, who shall retain such request for a period of not less than three years from such date or the date of the expiry of the first period of twelve months of employment to which the leave relates, whichever is the later.

(*b*) The provisions of sub-clause (2) shall *mutatis mutandis* apply to the leave referred to in this sub-clause.

(4) The remuneration in respect of the leave prescribed in sub-clause (1), read with sub-clause (3), shall be paid not later than the last work day before the date of commencement of the leave or, upon the written request of an employee, not later than the first pay day after the expiration of the leave.

(12) *Voorbehoudsbepalings.*—(*a*) Die bepalings van hierdie klousule geld nie vir 'n handelsreisiger, 'n handelsreisiger se hulp of 'n wag nie.

(*b*) Die bepalings van hierdie klousule geld nie vir 'n bestuurder-verkoper, 'n senior besturende, professionele of administratiewe werknemer of 'n voorman indien en terwyl so 'n werknemer gereeld 'n beloning teen 'n tarief van minstens R156 per maand ontvang nie.

(*c*) Die bepalings van subklousules (4), (5), (6) en (8) geld nie vir 'n werknemer onderwyl hy noodwerk verrig of vir 'n chauffeur nie.

(*d*) Die bepalings van subklousule (5) geld nie vir 'n ketelbediende, 'n bestuurder van 'n motorvoertuig, 'n arbeider wat by 'n afleweringsvoertuig help, 'n werker by 'n kontinue proses of 'n skofwerker nie.

6. JAARLIKSE VERLOF.

(1) Behoudens die bepalings van subklousule (2), moet 'n werkgewer aan sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, op iedere voltooide tydperk van twaalf maande in sy diens toestaan—

(*a*) wat 'n handelsreisiger, 'n handelsreisiger se hulp of 'n wag betref, een-en-twintig opeenvolgende kalenderdae verlof;

(*b*) aan iedere ander werknemer, veertien opeenvolgende kalenderdae verlof,

en moet hy so 'n werknemer ten aansien van sodanige verlof betaal—

(i) wat 'n werknemer in paragraaf (*a*) vermeld betref, 'n bedrag van minstens drie maal die weekloon waartoe hy vanaf die eerste dag van die verlof geregtig is;

(ii) wat 'n werknemer in paragraaf (*b*) vermeld betref, 'n bedrag van minstens twee maal die weekloon waartoe hy vanaf die eerste dag van die verlof geregtig is:

Met dien verstande dat by die toepassing van hierdie klousule die weekloon van 'n handelsreisiger wat kommissiewerk verrig bereken word deur die beloning wat uit hoofde van klousule 9 (7) kragtens sy ooreenkoms aan hom, ten opsigte van die twaalf maande onmiddellik voor die datum waarop sy verlof hom toekom, betaalbaar is, deur twee-en-vyftig te deel of, indien hy minder as twaalf maande van sodanige diens gehad het, deur die totale beloning wat aldus aan hom betaalbaar is deur die getal voltooide weke in sodanige tydperk te deel: Voorts met dien verstande dat by die toepassing van hierdie klousule die weekloon van 'n werknemer wat stukwerk verrig, bereken word op die grondslag uiteengesit in artikel 20 (5) (*a*) van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941.

(2) Die verlof voorgeskryf in subklousule (1) moet toegestaan word op 'n tyd wat die werkgewer bepaal: Met dien verstande—

(i) dat, as sodanige verlof nie eerder toegestaan is nie, dit, behoudens die bepalings van subklousule (3), só toegestaan word dat dit begin binne vier maande ná voltooiing van die twaalf maande diens waarop dit betrekking het of, as die werkgewer en werknemer daartoe skriftelik ooreengekom het voor die afloop van gemelde tydperk van vier maande, moet die werkgewer aan die werknemer sodanige verlof toestaan vanaf 'n datum nie later as twee maande na afloop van die gemelde tydperk van vier maande nie;

(ii) dat die tydperk van verlof nie saamval met siekteverlof wat ingevolge klousule 7 toegestaan is of, tensy die werknemer dit versoek en die werkgewer skriftelik daartoe instem, met enige tydperk van militêre opleiding kragtens die Verdedigingswet, 1957, nie;

(iii) dat, as Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartdag, Geloftedag of Kersdag binne die tydperk van sodanige verlof val, daar vir elke sodanige vakansiedag nog 'n werkdag by gemelde tydperk as verdere verloftyd gevoeg en vir elke sodanige bygevoegde dag aan die werknemer 'n bedrag van minstens sy dagloon betaal word;

(iv) dat 'n werkgewer al die dae geleentheidsverlof wat op die skriftelike versoek van sy werknemer met volle betaling aan hom toegestaan is gedurende die tydperk van twaalf maande waarop die verloftyd betrekking het, van sodanige tydperk van verlof kan aftrek.

(3) (*a*) Op die skriftelike versoek van 'n werknemer mag 'n werkgewer die verlof oor 'n tydperk van hoogstens vier-en-twintig maande diens laat oploop: Met dien verstande—

(i) dat so 'n werknemer sodanige versoek doen binne vier maande na afloop van die eerste tydperk van twaalf maande diens waarop die verlof betrekking het; en

(ii) dat die werkgewer die datum van ontvangs van sodanige versoek daarop aanbring en dit onderteken en die versoek minstens drie jaar bewaar vanaf sodanige datum of vanaf die datum van afloop van die eerste tydperk van twaalf maande diens waarop die verlof betrekking het, en wel vanaf die jongste van dié twee datums.

(b) Die bepalings van subklousule (2) geld *mutatis mutandis* vir die verlof in hierdie subklousule bedoel.

(4) Die beloning ten opsigte van die verlof voorgeskryf in subklousule (1), gelees met subklousule (3), moet uiterlik op die laaste werkdag voor die aanvangsdatum van die verlof betaal word of, op skriftelike versoek van die werknemer, nie later dan die eerste betaaldag na afloop van die verlof nie.

(5) An employee, whose contract of employment terminates during any period of twelve months of employment before the period of leave prescribed in sub-clause (1) in respect of that period has accrued, shall, upon such termination, and in addition to any other remuneration which may be due to him, be paid in respect of each completed month of such period of employment an amount of not less than—

(*a*) in the case of an employee referred to in paragraph (*a*) of sub-clause (1), one-fourth, and
(*b*) in the case of an employee referred to in paragraph (*b*) of sub-clause (1), one-sixth,

of the weekly wage he was receiving immediately before the date of such termination: Provided that an employer may make a proportionate deduction in respect of any period of leave granted to an employee in terms of the fourth proviso to sub-clause (2) and provided further that an employee—

(i) who leaves his employment without having given the notice prescribed in clause 12, unless the employer has waived such notice or the employee has paid the employer in lieu of notice; or
(ii) who leaves his employment without cause recognised by law as sufficient; or
(iii) who is dismissed by his employer without notice for any cause recognised by law as sufficient for such dismissal without notice;

shall not be entitled to any payment by virtue of this sub-clause.

(6) An employee who has become entitled to a period of leave prescribed in sub-clause (1), read with sub-clause (3), and whose contract of employment terminates before such leave has been granted, shall upon such termination be paid the amount he would have received in respect of the leave, had the leave been granted to him as at the date of the termination.

(7) For the purpose of this clause the expression "employment" shall be deemed to include any period in respect of which an employer, in terms of clause 12, pays an employee in lieu of notice and also any periods during which an employee is absent—

(*a*) on leave in terms of this clause;
(*b*) on sick leave in terms of clause 7;
(*c*) on the instructions or at the request of his employer;
(*d*) undergoing military training in pursuance of the Defence Act, 1957;

amounting in the aggregate in any year to not more than ten weeks in respect of items (*a*), (*b*) and (*c*), plus up to four months of any period of military training undergone in that year, and employment shall be deemed to commence—

(i) in the case of an employee who had before the coming into force of this Determination become entitled to a period of annual leave in terms of any law, on the date on which such employee last became entitled to such leave under such law;
(ii) in the case of an employee who was in employment before the coming into force of this Determination and to whom any law providing for annual leave applied but who had not become entitled to a period of annual leave in terms thereof, on the date on which such employment commenced;
(iii) in the case of any other employee, from the date on which such employee entered his employer's service or on the date of the coming into force of this Determination, whichever is the later.

(8) (*a*) Notwithstanding anything to the contrary contained in this clause, an employer may for the purpose of annual leave at any time, but not more than once in any period of twelve months, close his establishment or part thereof for fourteen consecutive calendar days plus any additional days that may have to be added by virtue of the third proviso to subclause (2).

(*b*) An employee who at the date of the closing of an establishment (or the part thereof in which he is employed) in terms of paragraph (*a*) is not entitled to the full period of annual leave shall in respect of any leave due to him be paid by his employer on the basis set out in sub-clause (5), and for the purpose of annual leave thereafter his employment shall be deemed to commence on the date of such closing of the establishment or part thereof, as the case may be.

7. Sick Leave.

(1) Subject to the provisions of sub-clause (2), an employer shall grant to his employee, other than a casual employee, who is absent from work through incapacity—

(*a*) in the case of an employee who works a five-day week, not less than twenty work days', and
(*b*) in the case of any other employee, not less than twenty-four work days',

sick leave in the aggregate during each cycle of twenty-four consecutive months of employment with him, and shall pay such employee in respect of any period of absence in terms of this sub-clause not less than the wage he would have received had he worked during such period: Provided—

(i) that in the first twenty-four consecutive months of employment an employee shall not be entitled to sick leave on full pay at a rate of more than, in the case of an employee who works a five-day week, one work day in respect of

(5) Aan 'n werknemer wie se dienskontrak gedurende enige dienstermyn van twaalf maande eindig voordat die verloftydperk voorgeskryf in subklousule (1) ten opsigte van so 'n termyn opgeloop het, moet daar by sodanige diensbeëindiging, benewens enige ander beloning wat aan hom verskuldig mag wees, vir elke voltooide maand van sodanige dienstermyn 'n bedrag betaal word van minstens—

(*a*) wat 'n werknemer in paragraaf (*a*) van subklousule (1) vermeld betref, een-vierde van die weekloon; en
(*b*) wat 'n werknemer in paragraaf (*b*) van subklousule (1) betref, een-sesde van die weekloon,

wat hy onmiddellik voor die datum van sodanige diensbeëindiging ontvang het: Met dien verstande dat 'n werkgewer ten opsigte van enige verloftyd wat hy ingevolge die vierde voorbehoud in subklousule (2) aan 'n werknemer toegestaan het, 'n eweredige bedrag kan aftrek, en met dien verstande voorts dat 'n werknemer—

(i) wat sy diens verlaat sonder om die kennis te gee wat by klousule 12 voorgeskryf word, tensy die werkgewer van sodanige kennisgewing afgesien het of die werknemer die werkgewer in plaas van kennisgewing betaal het; of
(ii) wat sy diens sonder regsgeldige rede verlaat; of
(iii) wat deur sy werkgewer sonder kennisgewing ontslaan word om rede wat vir sodanige ontslag sonder kennisgewing regtens genoegsaam is,

tot geen betaling uit hoofde van hierdie subklousule geregtig is nie.

(6) 'n Werknemer wat geregtig geword het tot 'n tydperk van verlof voorgeskryf in subklousule (1), gelees met subklousule (3), en wie se dienskontrak eindig voordat sodanige verlof toegestaan is, moet by sodanige diensbeëindiging die bedrag betaal word wat hy ten opsigte van die verlof sou ontvang het as die verlof op die datum van diensbeëindiging aan hom toegestaan was.

(7) By die toepassing van hierdie klousule word die uitdrukking „diens" geag elke tydperk te omvat ten opsigte waarvan 'n werkgewer ingevolge klousule 12 'n werknemer betaal in plaas van kennis van diensbeëindiging te gee en tewens alle tydperke waarin 'n werknemer afwesig is—

(*a*) met verlof ingevolge hierdie klousule;
(*b*) met siekteverlof ingevolge klousule 7;
(*c*) op las of versoek van sy werkgewer;
(*d*) vir militêre opleiding ingevolge die Verdedigingswet, 1957;

en wel tot 'n totaal in enige jaar van hoogstens tien weke ten opsigte van punte (*a*), (*b*) en (*c*), plus tot vier maande van enige tydperk van militêre opleiding wat hy in dié jaar ondergaan het, en die diens word geag te begin—

(i) in die geval van 'n werknemer wat voor die inwerkingtreding van hierdie Vasstelling tot 'n tydperk van jaarlikse verlof ingevolge enige wet geregtig geword het, op die datum waarop so 'n werknemer die vorige maal geregtig geword het tot verlof ingevolge so 'n wet;
(ii) in die geval van 'n werknemer wat voor die datum van inwerkingtreding van hierdie Vasstelling in diens was en vir wie enige wet gegeld het wat vir jaarlikse verlof voorsiening maak maar wat nog nie tot 'n tydperk van jaarlikse verlof ingevolge daarvan geregtig geword het nie, op die aanvangsdatum van sodanige diens;
(iii) in geval van enige ander werknemer, op die datum waarop so 'n werknemer by sy werkgewer in diens getree het of op die datum van die inwerkingtreding van hierdie Vasstelling, en wel op die jongste van die twee datums.

(8) (*a*) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie klousule mag 'n werkgewer vir die doel van jaarlikse verlof te eniger tyd, maar hoogstens een maal in 'n tydperk van twaalf maande, sy bedryfsinrigting of deel van sy bedryfsinrigting vir veertien agtereenvolgende kalenderdae sluit plus enige addisionele dae wat bygetel moet word ingevolge die derde voorbehoudsbepaling van subklousule (2).

(*b*) 'n Werknemer wat op die datum waarop 'n bedryfsinrigting (of die deel daarvan waarin hy in diens is) ingevolge paragraaf (*a*) sluit nie op die volle tydperk van jaarlikse verlof geregtig is nie, moet ten opsigte van enige verlof aan hom verskuldig, deur sy werkgewer betaal word op die grondslag in subklousule (5) gemeld en vir die doel van jaarlikse verlof daarna word geag dat sy diens op die datum van sodanige sluiting van die bedryfsinrigting of deel van die bedryfsinrigting, al na die geval, begin.

7. Siekteverlof.

(1) Behoudens die bepalings van subklousule (2), moet 'n werkgewer aan sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, wat weens ongeskiktheid van die werk afwesig is, die volgende toestaan:—

(*a*) In die geval van 'n werknemer wat 'n werkweek van vyf dae het, altesaam minstens twintig werkdae; en
(*b*) in die geval van iedere ander werknemer, altesaam minstens vier-en-twintig werkdae;

siekteverlof gedurende elke tydkring van vier-en-twintig opeenvolgende maande diens by hom, en moet hy so 'n werknemer vir elke tydperk van afwesigheid ingevolge hierdie subklousule minstens die loon betaal wat hy sou ontvang het as hy gedurende so 'n tydperk gewerk het: Met dien verstande—

(i) dat gedurende die eerste vier-en-twintig opeenvolgende maande diens 'n werknemer nie tot meer siekteverlof met volle betaling geregtig is nie as, wat 'n werknemer met 'n werkweek van vyf dae betref, een werkdag ten opsigte van

each completed period of five weeks of employment and, in the case of any other employee, one work day in respect of each completed month of employment;

(ii) that this clause shall not apply to an employee at whose written request an employer makes contributions, at least equal to those made by the employee, to any fund or organisation nominated by the employee, which fund or organisation guarantees to the employee in the event of his incapacity in the circumstances set out in this clause the payment to him of not less than in the aggregate the equivalent of his wage for twenty or twenty-four work days, as the case may be, in each cycle of twenty-four months of employment, except that during the first twenty-four months of the payment of contributions by the employee the guaranteed rate need not exceed the rate of accruel set out in the first proviso to this sub-clause;

(iii) that where an employer is by any law required to pay fees for hospital or medical treatment in respect of an employee, and pays such fees, the amount so paid may be set off against the payment due in respect of absence owing to incapacity in terms of this clause;

(iv) that, if in respect of any period of incapacity covered by this clause an employer is required by any other law to pay to an employee his full wages, the provisions of this clause shall not apply.

(2) An employer may, as a condition precedent to the payment by him of any amount claimed in terms of this clause by an employee in respect of any absence from work for more than two days require the employee to produce a certificate signed by a registered medical practitioner stating the nature and duration of the employee's incapacity: Provided that when an employee has during any period of up to eight consecutive weeks received payment in terms of this clause on two or more occasions without producing such a certificate his employer may during the period of eight weeks immediately succeeding the last such occasion require him to produce such a certificate irrespective of the duration of such absence.

(3) Where, during the first cycle of twenty-four months of employment with the same employer, an employee is absent owing to incapacity for a period in excess of any sick leave accrued at the time of such incapacity, he shall be entitled to be paid only in respect of such leave as has so accrued; but his employer shall, if he has not previously done so, at the expiry of the said cycle of employment or on termination of employment before such expiry pay him in respect of such excess period of absence owing to incapacity to the extent to which sick leave, accrued at such expiry or termination, had not been taken.

(4) For the purpose of this clause the expression—

(*a*) "employment" shall be deemed to include any period or periods during which an employee is absent—

(i) on leave in terms of clause 6,
(ii) on the instructions or at the request of his employer,
(iii) on sick leave in terms of sub-clause (1),
(iv) undergoing military training in pursuance of the Defence Act, 1957,

amounting in the aggregate in any year to not more than ten weeks in respect of items (i), (ii) and (iii), plus up to four months of any period of military training undergone in that year, and any period of employment which an employee has had with the same employer immediately before the date of the coming into operation of this Determination shall for the purpose of this clause be deemed to be employment under this Determination, and any sick leave on full pay granted to such an employee during such period shall be deemed to have been granted under this Determination;

(*b*) "incapacity" means inability to work owing to any sickness or injury other than that caused by—

(i) an employee's own misconduct; or
(ii) an accident within the meaning of the Workmen's Compensation Act, 1941.

8. Public Holidays and Sundays.

(1) Subject to the provisions of clause 4 (6), if an employee does not work on New Year's Day, Good Friday, Ascension Day, the Day of the Covenant or Christmas Day, his employer shall pay him for the week in which such day falls not less than his weekly wage.

(2) Whenever an employee works on New Year's Day, Good Friday, Ascension Day, the Day of the Covenant or Christmas Day his employer shall, save as provided in clause 4 (6), pay him for the week in which such day falls not less than his weekly wage, plus an amount calculated at a rate not less than his ordinary wage in respect of the total period worked by him on such day: Provided that where such an employee is required or permitted to work for less than four hours on such day, he shall be deemed to have worked for four hours.

(3) Whenever an employee, other than a continuous process worker, works on a Sunday, his employer shall either—

(*a*) pay the employee—

(i) if he so works for a period not exceeding four hours, not less than his daily wage;
(ii) if he so works for a period exceeding four hours, at a rate not less than double his ordinary wage in respect of the total period worked by him on such Sunday, or not less than double his daily wage, whichever is the greater; or

elke voltooide tydperk van vyf weke diens en, wat enige ander werknemer betref, een werkdag ten opsigte van elke voltooide maand diens;

(ii) dat hierdie klousule nie geld vir 'n werknemer op wie se skriftelike versoek 'n werkgewer bydraes, minstens gelyk aan dié wat die werknemer self daarin stort, betaal aan enige fonds of organisasie wat die werknemer aanwys en wat aan die werknemer waarborg dat aan hom by ongeskiktheid in die omstandighede in hierdie klousule vermeld, altesaam minstens die ekwivalent van sy loon vir twintig of vier-en-twintig werkdae, al na gelang van die geval, in elke tydkring van vier-en-twintig maande diens betaal sal word, behalwe dat gedurende die eerste vier-en-twintig maande waarin die werknemer bydraes stort, die gewaarborgde tarief nie die koers van aanwas soos uiteengesit in die eerste voorbehoud van hierdie subklousule te bowe hoef te gaan nie;

(iii) dat, indien 'n werkgewer ingevolge enige wet gelde vir hospitaal- of mediese behandeling ten opsigte van 'n werknemer moet betaal, en sodanige gelde wel betaal, die aldus betaalde bedrag afgetrek kan word van die bedrag wat ingevolge hierdie klousule ten opsigte van afwesigheid weens ongeskiktheid verskuldig is;

(iv) dat, indien 'n werkgewer by enige ander wet verplig word om 'n werknemer sy volle loon te betaal ten opsigte van enige tydperk van ongeskiktheid waarvoor hierdie klousule voorsiening maak, die bepalings van hierdie klousule nie geld nie.

(2) Voordat 'n werkgewer 'n bedrag betaal wat 'n werknemer kragtens hierdie klousule eis ten opsigte van enige afwesigheid uit sy werk gedurende 'n tydperk van meer as twee dae, kan hy vereis dat die werknemer 'n sertifikaat voorlê wat deur 'n geregistreerde mediese praktisyn geteken is en wat die aard en duur van die werknemer se ongeskiktheid bevestig: Met dien verstande dat wanneer 'n werknemer gedurende enige tydperk van agt opeenvolgende weke betaling kragtens hierdie klousule by twee of meer geleenthede ontvang het, sonder om so 'n sertifikaat voor te lê, sy werkgewer gedurende die agt weke wat onmiddellik na die laaste sodanige geleentheid volg van die werknemer kan vereis dat hy so 'n sertifikaat voorlê, ongeag die duur van die afwesigheid.

(3) Wanneer 'n werknemer gedurende die eerste tydkring van vier-en-twintig maande diens by dieselfde werkgewer weens ongeskiktheid langer afwesig is as die siekteverlof wat hom ten tyde van sodanige ongeskiktheid toekom, is hy geregtig tot betaling vir slegs dié siekteverlof wat hom dan toekom; maar sy werkgewer moet, as hy dit nie reeds gedoen het nie, by afloop van gemelde tydkring, of by diensbeëindiging voor sodanige afloop, hom ten opsigte van dié langer tydperk van afwesigheid weens ongeskiktheid uitbetaal vir sover die siekteverlof wat by sodanige afloop of beëindiging aan hom toekom, nog nie gebruik is nie.

(4) By die toepassing van hierdie klousule—

(*a*) word die uitdrukking „diens" geag ook enige tydperk of tydperke te omvat waarin die werknemer afwesig is—

(i) met verlof ingevolge klousule 6;
(ii) op las of versoek van sy werkgewer;
(iii) met siekteverlof ingevolge subklousule (1);
(iv) vir militêre opleiding, ingevolge die Verdedigingswet, 1957;

en wel tot 'n totaal in enige jaar van hoogstens tien weke ten opsigte van punte (i), (ii) en (iii), plus tot vier maande van enige tydperk van militêre opleiding wat hy in dié jaar ondergaan het, en enige tydperk van diens by dieselfde werkgewer onmiddellik voor die datum van die inwerkingtreding van hierdie Vasstelling word by die toepassing van hierdie klousule geag diens ingevolge hierdie Vasstelling te wees, en alle siekteverlof wat met volle betaling aan so 'n werknemer gedurende so 'n tydperk toegestaan is, word geag ingevolge hierdie Vasstelling toegestaan te wees;

(*b*) beteken „ongeskiktheid" die onvermoë om te werk weens siekte of besering behalwe as dit veroorsaak is deur—

(i) 'n werknemer se eie wangedrag, of
(ii) 'n ongeluk binne die bedoeling van die Ongevallewet, 1941.

8. Openbare vakansiedae en Sondag.

(1) Behoudens die bepalings van klousule 4 (6), moet 'n werkgewer aan 'n werknemer wat op Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartdag, Geloftedag of Kersdag nie werk nie, minstens sy weekloon betaal vir die week waarin so 'n dag val.

(2) Wanneer 'n werknemer op Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartdag, Geloftedag of Kersdag werk, moet sy werkgewer hom behoudens die bepalings van klousule 4 (6), vir die week waarin so 'n dag val minstens sy weekloon betaal, plus 'n bedrag bereken teen 'n tarief van minstens sy gewone loon ten opsigte van die hele tydperk wat hy op sodanige dag gewerk het: Met dien verstande dat, as vereis of toegelaat word dat die werknemer minder as vier uur op so 'n dag werk, hy geag word vir vier uur te gewerk het.

(3) Wanneer 'n werknemer, uitgesonderd 'n werker in 'n kontinue proses, op 'n Sondag werk, moet sy werkgewer òf—

(*a*) die werknemer—

(i) indien hy aldus 'n tydperk van hoogstens vier uur werk, minstens sy dagloon betaal;
(ii) indien hy aldus 'n tydperk van meer as vier uur werk, teen 'n tarief van minstens dubbel sy gewone loon betaal ten opsigte van die hele tydperk wat hy op bedoelde Sondag werk, of minstens dubbel sy dagloon, watter ookal die meeste is, òf

(*b*) pay him at a rate not less than one and one-third times his ordinary wage in respect of the total period worked by him on such Sunday and grant him within seven days of such Sunday one day's leave and pay him in respect thereof not less than his daily wage: Provided that where such an employee is required or permitted to work for less than four hours on such Sunday, he shall be deemed to have worked for four hours.

(4) Whenever a continuous process worker works on a Sunday his employer shall pay him at a rate of not less than one and one-third times his ordinary wage in respect of the total period worked by him on such Sunday.

(5) Whenever a continuous process worker works on his day of rest his employer shall pay him at a rate of not less than double his ordinary wage in respect of the total period worked by him on such day of rest.

(6) Whenever a continuous process worker works on a shift which falls partly on any public holiday mentioned in sub-clause (1), on a Sunday or on his day of rest and partly on any other calendar day, the whole shift shall be deemed to have been worked on the calendar day on which the major portion of such shift falls.

(7) Whenever a shift worker works a shift which falls partly on any public holiday mentioned in sub-clause (1) or on a Sunday and partly on any other calendar day, the whole shift shall be deemed to have been worked on the calendar day on which the major portion of such shift falls.

(8) (*a*) This clause shall not apply to a casual employee, a traveller, a traveller's assistant or a watchman.

(*b*) This clause shall not apply to a senior managerial, professional or administrative employee or a foreman if and for so long as such an employee is regularly in receipt of remuneration at a rate of not less than R180 per month.

9. Piece-work and Commission Work.

(1) An employer may, after at least one week's notice to his employee, other than a traveller, introduce any piece-work system and, save as provided in clause 4 (6), the employer shall pay such employee, who is employed on such piece-work system, remuneration at the rates applicable under such system: Provided that, irrespective of the quantity of work done, the employer shall pay such employee not less than—

(*a*) in the case of an employee other than a casual employee, in respect of each week in which piece-work is performed, the amount which he would have been required to pay such employee for that week had he been remunerated on the basis of time worked;

(*b*) in the case of a casual employee, in respect of each day on which piece-work is performed, the amount which he would have been required to pay such employee for that day had he been remunerated on the basis of time worked.

(2) An employer shall keep posted up in a conspicuous place in his establishment a schedule of the rates referred to in sub-clause (1).

(3) An employer who intends to cancel or amend any piece-work system in operation or the rates applicable thereunder shall give his employee employed on such system not less than one month's notice of such intention: Provided that an employer and his employee may agree on a longer period of notice, in which case the employer shall give not less than the period of notice agreed upon.

(4) Notwithstanding anything to the contrary in this clause, an employer need not give a casual employee notice of his intention to introduce any piece-work system or to cancel or amend it.

(5) A traveller who by agreement with his employer undertakes commission work shall be supplied by his employer, before such work is commenced, with a true copy of the agreement or a statement setting out the terms of the agreement, which shall include—

(*a*) the weekly or monthly wage payable to the traveller, where such wage is higher than that prescribed in clause 3 (1) for such traveller, and the rate or rates of the commission and the conditions of entitlement thereto;

(*b*) the day of the week or month on which commission earned is due and payable;

(*c*) the area in which the traveller is required or permitted to work;

(*d*) the type, description, number, quantity or value of orders (individual, weekly, monthly or otherwise) which the employer is from time to time prepared to accept; and

(*e*) the day of payment of commission in respect of orders accepted by the employer before termination of the contract of employment: Provided that such day of payment shall be not later than the last work day of the calendar month succeeding the month during which employment was terminated.

(6) The terms of the agreement referred to in sub-clause (5) shall be financially not less favourable to the traveller than this Determination: Provided that the due date of payment of remuneration to a traveller on commission work shall be in accordance with the agreement and in this respect the provisions of clause 4 (1) shall not apply to such payment.

(*b*) die werknemer teen 'n tarief van minstens een en 'n derde maal sy gewone loon betaal ten opsigte van die hele tydperk wat hy op bedoelde Sondag werk en hom binne sewe dae vanaf dié Sondag een dag verlof toestaan en hom ten opsigte daarvan minstens sy dagloon betaal: Met dien verstande dat, as vereis of toegelaat word dat so 'n werknemer minder as vier uur op bedoelde Sondag werk, hy geag word vier uur te gewerk het.

(4) Wanneer 'n werker in 'n kontinue proses op 'n Sondag werk moet sy werkgewer hom teen 'n tarief van minstens een en 'n derde maal sy gewone loon betaal ten opsigte van die hele tydperk wat hy op bedoelde Sondag werk.

(5) Wanneer 'n werker in 'n kontinue proses op sy rusdag werk moet sy werkgewer hom teen 'n tarief van dubbel sy gewone loon betaal ten opsigte van die hele tydperk wat hy op bedoelde rusdag werk.

(6) Wanneer 'n werker in 'n kontinue proses 'n skof werk wat gedeeltelik op 'n openbare vakansiedag wat in subklousule (1) vermeld word, op 'n Sondag of op sy rusdag en gedeeltelik op 'n ander kalenderdag val word geag dat die hele skof gewerk is op die kalenderdag waarop die grootste deel van sodanige skof val.

(7) Wanneer 'n skofwerker 'n skof werk wat gedeeltelik op 'n openbare vakansiedag vermeld in subklousule (1) of op 'n Sondag en gedeeltelik op 'n ander kalenderdag val, word geag dat die hele skof gewerk is op die kalenderdag waarop die grootste deel van sodanige skof val.

(8) (*a*) Hierdie klousule geld nie vir 'n los werknemer, 'n handelsreisiger, 'n handelsreisiger se hulp of 'n wag nie.

(*b*) Hierdie klousule geld nie vir 'n senior besturende, professionele of administratiewe werknemer of 'n voorman nie indien en terwyl so 'n werknemer gereeld 'n beloning teen 'n tarief van minstens R180 per maand ontvang.

9. Stukwerk en kommissiewerk.

(1) Ná minstens een week kennisgewing aan sy werknemer, uitgesonderd 'n handelsreisiger, kan 'n werkgewer 'n stukwerkstelsel invoer en, behoudens die bepalings van klousule 4 (6), moet die werkgewer 'n werknemer wat volgens so 'n stukwerkstelsel werk, beloon teen die tarief wat volgens dié stelsel geld: Met dien verstande dat die werkgewer, ongeag die hoeveelheid gedane werk, die werknemer minstens die volgende betaal:—

(*a*) In die geval van 'n ander werknemer as 'n los werknemer, ten opsigte van elke week waarin stukwerk verrig word, die bedrag wat hy so 'n werknemer vir dié week sou moet betaal het as hy hom 'n tydloon betaal het;

(*b*) in die geval van 'n los werknemer, ten opsigte van elke dag waarop stukwerk verrig word, die bedrag wat hy so 'n werknemer vir daardie dag sou moet betaal het as hy hom 'n tydloon betaal het.

(2) 'n Werkgewer moet 'n lys van die tariewe vermeld in subklousule (1) op 'n opvallende plek in sy bedryfsinrigting aangeplak hou.

(3) 'n Werkgewer wat voornemens is om 'n bestaande stukwerkstelsel of die tariewe wat daarvolgens geld, af te skaf of te wysig, moet aan die betrokke werknemers minstens een maand kennis van sodanige voorneme gee: Met dien verstande dat 'n werkgewer en sy werknemer oor 'n langer termyn van kennisgewing kan ooreenkom en dan moet die werkgewer minstens die ooreengekome kennis gee.

(4) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie klousule, hoef 'n werkgewer 'n los werknemer geen kennis te gee van sy voorneme om 'n stukwerkstelsel in te voer of af te skaf of te wysig nie.

(5) 'n Handelsreisiger wat met sy werkgewer ooreenkom om kommissiewerk te onderneem, moet, voordat daar met sodanige werk begin word, deur sy werkgewer voorsien word van 'n ware afskrif van die ooreenkoms of 'n verklaring wat die bepalings van die ooreenkoms vermeld, wat die volgende moet omvat:—

(*a*) Die week- of maandloon aan die handelsreisiger betaalbaar, waar sodanige loon hoër is as dié in klousule 3 (1) vir sodanige handelsreisiger voorgeskryf, en wat die kommissie bedra en die voorwaardes waarop hy daartoe geregtig word;

(*b*) die dag van die week of maand waarop kommissie wat verdien is, verskuldig en betaalbaar is;

(*c*) die gebied waarin die handelsreisiger moet of mag werk;

(*d*) die tipe, soort, getal, hoeveelheid of waarde van bestellings (afsonderlik, weekliks, maandeliks of andersins) wat die werkgewer van tyd tot tyd bereid is om aan te neem; en

(*e*) die dag waarop kommissie ten opsigte van bestellings deur die werkgewer aangeneem voor beëindiging van die dienskontrak betaal word: Met dien verstande dat sodanige betaaldag voor of op die laaste werkdag van die kalendermaand moet wees wat volg op die maand waartydens diens beëindig is.

(6) Die bepalings van die ooreenkoms in subklousule (5) vermeld, moet finansieel nie minder gunstig vir die handelsreisiger wees as hierdie Vasstelling nie: Met dien verstande dat die datum waarop beloning aan 'n handelsreisiger wat kommissiewerk verrig, betaal word, in ooreenstemming met die ooreenkoms moet wees, en in hierdie opsig is die bepalings van klousule 4 (1) nie op sodanige betaling van toepassing nie.

(7) Save as provided in clause 4 (6), an employer shall pay to his traveller who is employed on commission work remuneration at not less than the rate agreed upon between them: Provided that, irrespective of the number or value of orders accepted by the employer, the remuneration of such traveller in respect of any period shall be not less than that which would be due to him for that period in terms of clause 3 (1).

(8) An employer or a traveller, who intends to cancel, or to negotiate for an alteration of, an agreement in regard to commission work, shall give written notice of such intention and the period of such notice shall be not less than that required to terminate the contract of employment of such traveller in terms of clause 12.

10. Prohibition of Employment.

An employer shall not employ any person under the age of fifteen years.

11. Uniforms, Overalls and Protective Clothing.

An employer shall supply and maintain in serviceable condition, free of charge, any uniforms, overalls or other protective clothing which he requires his employee to wear or which by any law he is compelled to provide for his employee and any such uniforms, overalls or other protective clothing shall remain the property of the employer.

12. Termination of Contract of Employment.

(1) An employer or his employee, other than a casual employee, who desires to terminate the contract of employment, shall give—

(*a*) during the first four weeks of employment, not less than one work day's;

(*b*) after the first four weeks of employment, not less than one week's;

notice of termination of contract, or an employer or employee may terminate the contract without notice by paying the employee or paying the employer, as the case may be, in lieu of such notice not less than—

(i) in the case of one work day's notice, the daily wage which the employee is receiving at the time of such termination;

(ii) in the case of a week's notice, the weekly wage which the employee is receiving at the time of such termination:

Provided that this shall not affect—

(i) the right of an employer or an employee to terminate the contract without notice for any cause recognised by law as sufficient;

(ii) any written agreement between an employer and his employee which provides for a period of notice of equal duration on both sides and for longer than that prescribed in this clause;

(iii) the operation of any forfeitures or penalties which by law may be applicable in respect of an employee who deserts:

Provided further that where the wage of an employee at the date of termination has been reduced by deductions in respect of short-time, the expression "is receiving at the time of such termination" shall, when an employer pays an employee in lieu of notice, be deemed to mean "would have received at the time of such termination if no deductions had been made in respect of short-time".

(2) Where there is an agreement in terms of the second proviso to sub-clause (1), the payment in lieu of notice shall correspond to the period of notice agreed upon.

(3) The notice prescribed in sub-clause (1) may be given on any work day: Provided—

(i) that the period of notice shall not run concurrently with, nor shall notice be given during, an employee's absence on leave granted in terms of clause 6 or any period of military training which an employee is undergoing in pursuance of the Defence Act, 1957;

(ii) that notice shall not be given during an employee's absence on sick leave granted in terms of clause 7.

(4) Notwithstanding anything to the contrary in this Determination, where an employee terminates his contract of employment by leaving his employment without notice or without paying his employer in lieu of notice, his employer may appropriate to himself, from any moneys which he owes to such employee by virtue of any provisions of this Determination, an amount of not more than that which such employee would have had to pay him in lieu of notice.

13. Certificate of Service.

An employer shall upon termination of the contract of employment, other than through the desertion of an employee, furnish his employee, other than a casual employee, with a certificate of service, substantially in the form prescribed in the Schedule to this Determination, showing the full names of the employer and his employee, the occupation of the employee, the date of commencement and the date of termination of the contract and the employee's weekly wage at the date of such termination.

14. Ratio.

(1) An employer shall not employ an unqualified assistant roaster unless he has in his employ a qualified assistant roaster and for each qualified assistant roaster in his employ he shall not employ more than one unqualified assistant roaster.

(7) Behoudens die bepalings van klousule 4 (6), moet 'n werkgewer sy handelsreisiger wat kommissiewerk verrig, beloon teen minstens die tarief waartoe hulle ooreengekom het: Met dien verstande dat, ongeag die getal of waarde van bestellings deur die werkgewer aangeneem, die beloning van sodanige handelsreisiger ten opsigte van enige tydperk nie minder moet wees as dié wat ingevolge klousule 3 (1) aan hom vir dié tydperk verskuldig sou wees nie.

(8) 'n Werkgewer of 'n handelsreisiger wat voornemens is om 'n ooreenkoms met betrekking tot kommissiewerk in te trek of te onderhandel oor 'n wysiging daarvan, moet skriftelik kennis gee van sodanige voorneme en die tydperk van sodanige kennisgewing moet nie korter wees as dié wat vereis word om die dienskontrak van sodanige handelsreisiger kragtens klousule 12 te beëindig nie.

10. Verbod op Indiensneming.

'n Werkgewer mag niemand onder die ouderdom van vyftien jaar in diens neem nie.

11. Uniforms, oorpakke en beskermende klere.

'n Werkgewer moet alle uniforms, oorpakke of ander beskermende klere wat hy vereis dat sy werknemer dra of wat enige wet hom verplig om aan sy werknemer te verskaf, gratis verskaf en in bruikbare toestand hou; en alle sodanige uniforms, oorpakke of ander beskermende klere bly die eiendom van die werkgewer.

12. Beëindiging van dienskontrak.

(1) 'n Werkgewer of sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, kan 'n dienskontrak beëindig deur dit—

(*a*) gedurende die eerste vier weke diens, minstens een werkdag,

(*b*) ná die eerste vier weke diens, minstens 'n week,

vooruit op te sê; of 'n werkgewer of 'n werknemer kan die kontrak sonder opsegging beëindig deur, in plaas van die opsegging, die werknemer of die werkgewer, al na gelang van die geval, minstens die volgende te betaal:—

(i) In die geval van eenwerkdag opsegging, die dagloon wat die werknemer ten tyde van sodanige beëindiging ontvang;

(ii) in die geval van 'n week opsegging, die weekloon wat die werknemer ten tyde van sodanige beëindiging ontvang:

Met dien verstande dat hierdeur onaangetas gelaat word—

(i) die reg van 'n werkgewer of 'n werknemer om op enige regsgeldige grond die kontrak sonder opsegging te beëindig;

(ii) 'n skriftelike ooreenkoms tussen 'n werkgewer en sy werknemer waarin voorsiening gemaak word vir 'n opseggingstermyn wat vir beide partye ewe lank is en langer is as dié wat hierdie klousule voorskryf;

(iii) die werking van verbeurings of boetes wat regtens van toepassing kan wees op 'n werknemer wat sy diens verlaat:

Met dien verstande voorts dat, indien die loon van 'n werknemer teen die datum van die beëindiging reeds weens korttyd verminder is en die werkgewer hom betaal in plaas van sy diens op te sê, die uitdrukking „ten tyde van sodanige beëindiging ontvang" geag word te beteken „ten tyde van sodanige beëindiging sou ontvang het as geen aftrekkings weens korttyd gedoen was nie".

(2) Indien daar ingevolge die tweede voorbehoudsbepaling van subklousule (1) 'n ooreenkoms bestaan, moet die betaling in plaas van opsegging eweredig wees aan die ooreengekome opseggingstermyn.

(3) Die opsegging in subklousule (1) voorgeskryf kan op enige werkdag geskied: Met dien verstande—

(i) dat die opseggingstermyn nie mag saamval met en die opsegging nie mag geskied gedurende 'n werknemer se afwesigheid met verlof ingevolge klousule 6 of met enige tydperk van militêre opleiding ingevolge die Verdedigingswet, 1957, nie;

(ii) dat gedurende 'n werknemer se afwesigheid met siekteverlof ooreenkomstig klousule 7 opsegging nie mag geskied nie.

(4) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie Vasstelling, waar 'n werknemer sy dienskontrak beëindig deur sy diens sonder kennisgewing te verlaat of sonder om sy werkgewer in plaas van kennisgewing te betaal, mag sy werkgewer aan homself, uit enige geld wat hy aan sodanige werknemer skuld op grond van enige bepalings van hierdie Vasstelling, 'n bedrag toeëien van hoogstens dié wat sodanige werknemer aan hom in plaas van kennisgewing sou moes betaal het.

13. Dienssertifikaat.

Wanneer 'n dienskontrak om 'n ander rede as diensverlating beëindig word, moet die werkgewer aan die betrokke werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, 'n dienssertifikaat gee wat hoofsaaklik die vorm het soos in die Bylae tot hierdie Vasstelling voorgeskryf en waarin die volle naam van die werkgewer en van sy werknemer, die betreking van die werknemer, die aanvangs- en die afloopdatum van die kontrak en die werknemer se weekloon ten tyde van die datum van sdanige beëindiging aangegee word.

14. Getalleverhouding.

(1) 'n Werkgewer mag nie 'n ongekwalifiseerde assistentbrander in diens neem nie tensy hy 'n gekwalifiseerde assistent-brander in diens het, en hy mag hoogstens een ongekwalifiseerde assistentbrander in diens neem vir elke gekwalifiseerde assistent-brander in sy diens.

(2) An employer shall not employ an assistant roaster unless he has in his employ a roaster and for each roaster in his employ he shall not employ more than three assistant roasters.

(3) An employer shall not employ an unqualified grade I employee unless he has in his employ a qualified grade I employee and for each qualified grade I employee in his employ he shall not employ more than one unqualified grade I employee.

(4) For the purpose of this clause—

(*a*) an employer or a manager who is wholly or mainly engaged in his establishment in performing the duties of a roaster may be deemed to be a roaster;

(*b*) an unqualified employee who receives a wage of not less than that prescribed in clause 3 (1) for a qualified employee of his class in the area in which he works may be deemed to be a qualified employee in that class.

(5) This clause shall apply separately to each establishment.

SCHEDULE.

I/We (*a*).....carrying on trade in the Tea, Coffee and Chicory Industry at.....
.....
.....
hereby certify that.....
was employed by me/us (*a*) from the.....
day of.....19..... to the.....
day of.....19..... in the occupation of (*b*)..... At the termination of employment his/her (*a*) wage was.....
Rand.....cents per week.

.....
(Signature of Employer or Authorised Representative.)

Date.....

(*a*) Delete whichever inapplicable.
(*b*) State occupation in which employee was wholly or mainly engaged, e.g., clerk, labourer, grade I employee, roaster.

W. F. J. STEENKAMP, *Chairman.*
P. R. VIVIERS, *Member.*
A. JUYN, *Additional Member.*

J. T. LLEWELLYN, *Secretary.*
Pretoria, 26th August, 1963.

No. 1764.] [15 November 1963.

WAGE ACT, 1957.

WAGE BOARD INVESTIGATION.—MILLING INDUSTRY, REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.

The Wage Board has received a reference in respect of the abovementioned Industry and gives notice in terms of section *nine* of the Wage Act, 1957, that the investigation has commenced and that the Board will in due course report on and submit a recommendation to the Minister of Labour concerning the Milling Industry in the Republic of South Africa.

Interested persons are hereby given the opportunity of making written representations to the Board. Such representations, accompanied by seven copies thereof, should reach the Secretary, Wage Board, Private Bag 108, Pretoria, not later than the 11th January, 1964.

The reference reads:—

"The Minister of Labour requests the Wage Board, in terms of section *four* of the Wage Act, 1957, to investigate and report to him concerning the Milling Industry in the Republic of South Africa.

For the purpose of this investigation the Minister directs that the investigation shall be in respect of all classes of employees in this industry.

(2) 'n Werkgewer mag nie 'n asistent-brander in diens neem nie tensy hy 'n brander in diens het, en hy mag hoogstens drie assistent-branders in diens neem vir elke brander in sy diens.

(3) 'n Werkgewer mag nie 'n ongekwalifiseerde werknemer graad I in diens neem nie tensy hy 'n gekwalifiseerde werknemer graad I in diens het, en hy mag hoogstens een ongekwalifiseerde werknemer graad I in diens neem vir elke gekwalifiseerde werknemer graad I in sy diens.

(4) By die toepassing van hierdie klousule—

(*a*) mag 'n werkgewer of 'n bestuurder wat in sy bedryfsinrigting uitsluitend of hoofsaaklik die pligte van 'n brander verrig geag word 'n brander te wees;

(*b*) mag 'n ongekwalifiseerde werknemer wat minstens die loon ontvang wat in klousule 3 (1) vir 'n gekwalifiseerde werknemer van sy klas in die gebied waarin hy werk geag word 'n gekwalifiseerde werknemer in daardie klas te wees.

(5) Hierdie klousule is van afsonderlike toepassing in elke bedryfsinrigting.

BYLAE.

Ek/Ons (*a*).....
wat die Tee-, Koffie- en Sigoreinywerheid beoefen te.....
.....
.....
verklaar hierby dat.....
in my/ons (*a*) diens was van die.....dag van.....19..... tot die.....dag van.....19..... in die betrekking van (*b*)..... By diensbeëindiging was sy/haar (*a*) loon.....rand .....sent per week.

.....
(Handtekening van werkgewer of gemagtigde verteenwoordiger.)

Datum.....

(*a*) Skrap wat nie van toepassing is nie.
(*b*) Meld die betrekking waarin die werknemer uitsluitend of hoofsaaklik in diens was, bv., klerk, arbeider, werknemer graad I, brander.

W. F. J. STEENKAMP, *Voorsitter.*
P. R. VIVIERS, *Lid.*
A. JUYN, *Addisionele Lid.*

J. T. LLEWELLYN, *Sekretaris.*
Pretoria, 26 Augustus 1963.

No. 1764.] [15 November 1963.

LOONWET, 1957.

LOONRAADONDERSOEK.—MAALNYWERHEID, REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.

Die Loonraad het 'n opdrag in verband met bovermelde Nywerheid ontvang en gee ooreenkomstig artikel *nege* van die Loonwet, 1957, kennis dat die ondersoek begin het en dat die Raad te gelegener tyd verslag sal doen oor en 'n aanbeveling aan die Minister van Arbeid sal voorlê betreffende die Maalnywerheid in die Republiek van Suid-Afrika.

Belanghebbende persone word hierby die geleentheid gebied om skriftelike vertoë tot die Raad te rig. Die vertoë, saam met sewe afskrifte daarvan, moet die Sekretaris, Loonraad, Privaatsak 108, Pretoria, voor of op 11 Januarie 1964, bereik.

Die opdrag lui:—

„Die Minister van Arbeid versoek die Loonraad ooreenkomstig artikel *vier* van die Loonwet, 1957, om ondersoek in te stel na en aan hom verslag te doen oor die Maalnywerheid in die Republiek van Suid-Afrika.

Vir die doel van hierdie ondersoek gee die Minister opdrag dat die ondersoek ingestel moet word ten opsigte van alle klasse werknemers in dié nywerheid.

In terms of sub-section (1) of section *six* of the Act, the Minister further directs the Board to submit to him a recommendation.

In this reference—

'milling industry' means the industry in which employers and employees are associated in establishments which are registered or liable for registration in terms of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, for the puprose of carrying on any one or more of the following activities, namely:—

(i) The grinding, gristing, or crushing of cereals;

(ii) the production of any raw cereal products, by grinding, gristing or crushing;

(iii) except for item (iv) hereof, the production of any processed cereal product or processed product of cereal milling, other than—

(*a*) ready-to-serve breakfast foods; or

(*b*) cooked or raw macaroni, vermiceli, spaghetti or noodles,

if done by employers and employees engaged in any one or more of the businesses referred to in (i) or (ii) and in the same establishment as the said businesses are carried on;

(iv) the production or rolled oats or oatmeal intended for human consumption;

(v) the production by mixing, preparing or processing of foodstuffs for live-stock is carried on by employers and employees engaged in any one or more of the businesses specified in (i) or (ii) in the same establishment,

and includes all operations incidental to or consequent on any of the aforesaid activities, but does not include the following:—

(*a*) The operations specified in (i), (ii), (iii), (iv) or (v) above if carried on by a farmer for farmers for the domestic use of the latter only;

(*b*) the grinding, gristing or crushing of cereals in an establishment in a Native area, which establishment caters wholly or mainly for Native customers and does not work more than one shift per day;

(*c*) the activities of a gristing miller who operates his mill on the basis of not more than one shift per day and who holds a current certificate of registration as a gristing miller issued to him by the Mealie Industry Control Board; or

(*d*) the activities of a miller in respect of a mill operated by him on the basis of not more than one shift per day and for which mill he holds a current certificate of registration issued to him by the Wheat Industry Control Board and which certificate gives the milling capacity of the mill as not more than six bags (of 200 lb.) per hour;

'Native' means a person who in fact is or is generally accepted as a member of any aboriginal race or tribe of Africa;

'Native Area' bears the meaning assigned to it in section *one* of the Industrial Conciliation Act, 1956, as amended."

(NOTE.—This reference also covers employers and employees engaged in the Oatmeal Manufacturing Industry as defined in Wage Determination No. 210 published under Government Notice No. 1462 of the 23rd September, 1960.)

Ooreenkomstig subartikel (1) van artikel *ses* van die Wet gee die Minister voorts aan die Raad opdrag om 'n aanbeveling aan hom voor te lê.

In hierdie opdrag beteken—

,maalnywerheid' die nywerheid waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is in bedryfsinrigtings wat geregistreer is of aan registrasie onderworpe is ingevolge die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, met die doel om een of meer van die volgende werksaamhede te verrig, naamlik:—

(i) Die maal, vergruis of breek van graan;

(ii) die produseer van enige rougraanproduk deur maal, vergruis of breek;

(iii) met uitsluiting van item (iv) hiervan, die produseer van enige prosesbewerkte graanproduk of prosesbewerkte produk van graan maal, uitgesonderd—

(*a*) klaarbereide ontbytvoedsels; of

(*b*) gekookte of rou macaroni, vermicelli, spaghetti of snysels,

indien dit gedoen word deur werkgewers en werknemers wat in een of meer van die in (i) of (ii) genoemde bedrywe werksaam is en in dieselfde bedryfsinrigting waarin genoemde bedrywe uitgeoefen word;

(iv) die produseer van gerolde hawer of hawermout bedoel vir menslike gebruik;

(v) die produsering deur meng, bereiding of proses-bewerking van voedingsmiddels vir lewende hawe, as dit uitgeoefen word deur werkgewers en werknemers wat in een of meer van die in (i) of (ii) genoemde bedrywe in dieselfde bedryfsinrigting werksaam is,

en omvat alle werksaamhede wat met enigeen van voormelde bedrywighede in verband staan of daaruit voortspruit maar omvat nie die volgende nie:—

(*a*) Die werksaamhede wat in (i), (ii), (iii), (iv) of (v) hierbo genoem word as dit deur 'n boer van ander boere slegs vir huishoudelike gebruik deur laasgenoemde uitgeoefen word;

(*b*) die maal, vergruis of breek van graansoorte in 'n bedryfsinrigting in 'n Naturellegebied wat uitsluitlik of hoofsaaklik Naturelleklante bedien en wat hoogstens een skof per dag werk;

(*c*) die werksaamhede van 'n klandisiemeulenaar wat sy meul dryf op die grondslag van hoogstens een skof per dag en wat die houer is van 'n geldende sertifikaat van registrasie as klandisiemeulenaar aan hom deur die Raad van Beheer oor die Mielienywerheid uitgereik; of

(*d*) die werksaamhede van 'n meulenaar ten opsigte 'n meul wat hy op die grondslag van hoogstens een skof per dag dryf en waarvoor hy 'n geldende registrasiesertifikaat hou wat aan hom deur die Raad van Beheer oor die Koringnywerheid uitgereik is en waarin die maalvermoë van die meul as hoogstens ses sakke (van 200 lb.) per uur aangegee word;

,Naturel' iemand wat inderdaad 'n lid van 'n inboorlingras of -stam van Afrika is of gewoonlik daarvoor deurgaan; en

dra ,Naturellegebied' die betekenis wat in artikel *een* van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, soos gewysig, daaraan gegee word."

(OPMERKING.—Hierdie opdrag sluit ook werkgewers en werknemers in wat betrokke is by die Nywerheid vir die vervaardiging van Hawermeel soos omskryf in Loonvasstelling No. 210 gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 1462 van 23 September 1960.)

No. 1776.] [15 November 1963.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956. AS AMENDED.

IRON, STEEL, ENGINEERING AND METALLURGICAL INDUSTRY.

ISCOR AGREEMENT.

The following corrections to Government Notice No. 1307 appearing in *Government Gazette* Extraordinary No. 584 of the 23rd August, 1963, are published:—

In the English version of the Schedule:—

PART IV.

Section 2.

1. Delete the occupation "Gaspreducerman (O.H.)" in the table headed "Steel Melting Plant, Pretoria Works" and substitute therefor the occupation "Gasproducerman (O.H.)".

2. Delete the figures "63.2" and "63.3" where they occur against the occupations "Plant Handyman" and "Tester" respectively in the table headed "Coke Ovens and By-Products, Vanderbijlpark Works" and substitute therefor the figures "63.3" and "63.2" respectively.

3. Substitute the word "Corrugating" for the word "Currugating" where it occurs in the occupation "Bundler . . . Finishing" in the table headed "Cold Strip Mill, Vanderbijlpark Works".

In the Afrikaans version of the Schedule:—

PART I.

Insert the word "tel" after the word "Ooreenkoms," where it occurs in sub-paragraph (iv) of paragraph (*a*) of sub-section (2) of section 7.

PART II.

1. Substitute the word "van" for the word "in" in paragraph (*a*) of sub-section (1) of section 5.

2. Substitute the word "by" for the word "sy" where it occurs for the second time in section 7.

3. Substitute the word "sy" for the word "en" where it occurs for the fourth time in section 7.

PART III.

1. Insert the words "met die skofte gekrediteer moet word" after the word "bevorderingslyn" in paragraaf (iii) of sub-section (*a*).

2. Delete the words "toegestaan word" where they occur after the words "betrekking gewerk" in paragraph (iii) of sub-section (*a*).

PART IV.

Section 1.

1. Substitute the word "klaarblyklike" for the word "klaasblyklike" in sub-section (10).

2. Delete the word "NOTE" where it occurs at the end of sub-section (10) and substitute therefor the words "LET WEL."

Section 2.

1. Substitute the figure "63.4" for the figure "63.3" where it occurs against the occupation "Teeraanlegoperateur" in the table headed "Kooksoonde- en Neweprodukte, Pretoriawerke".

2. Substitute the word "Sinterverkoeler" for the word "Sinderverkoeler" in the table headed "Sinteraanleg, Pretoriawerke".

3. Delete the word "work" where it occurs in the note immediately after the table headed "Staalsmeltery, Pretoriawerke" and substitute therefor the word "word".

No. 1776.] [15 November 1963.

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956, SOOS GEWYSIG.

YSTER-, STAAL-, INGENIEURS- EN METALLURGIESE NYWERHEID.

YSKOROOREENKOMS.

Ondervermelde verbeterings aan Goewermentskennisgewing No. 1307 wat in *Buitengewone Staatskoerant* No. 584 van 23 Augustus 1963 verskyn het, word gepubliseer:—

In die Engelse teks van die Bylae:—

DEEL IV.

Artikel 2.

1. Skrap die beroep „Gaspreducerman (O.H.)" in die tabel met die opskrif „Steel Melting Plant, Pretoria Works" en vervang dit deur die beroep „Gasproducerman (O.H.)".

2. Skrap die syfers „63.2" en „63.3" waar dit onderskeidelik teenoor die beroepe „Plant Handyman" en „Tester" in die tabel met die opskrif „Coke Ovens and By-Products, Vanderbijlpark Works" voorkom en vervang dit onderskeidelik deur die syfers „63.3" en „63.2".

3. Vervang die woord „Currugating" waar dit in die beroep „Bundler, . . . Finishing" in die tabel met die opskrif „Cold Strip Mill, Vanderbijlpark Works" voorkom, deur die woord „Corrugating."

In die Afrikaanse teks van die Bylae:—

DEEL I.

Voeg die woord „tel" in na die woord „Ooreenkoms," waar dit in subparagraaf (iv) van paragraaf (*a*) van subartikel (2) van artikel 7 voorkom.

DEEL II.

1. Vervang die woord „in" in subparagraaf (iv) van paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel 5 deur die woord „van".

2. Vervang die woord „sy" deur die woord „by" waar dit vir die tweede keer in artikel 7 voorkom.

3. Vervang die woord „en" deur die woord „sy" waar dit vir die vierde keer in artikel 7 voorkom.

DEEL III.

1. Voeg die woorde „met die skofte gekrediteer moet word" in na die woord „bevorderingslyn" in paragraaf (iii) van subartikel (*a*).

2. Skrap die woorde „toegestaan word" waar dit na die woorde „betrekking gewerk" in paragraaf (iii) van subartikel (*a*) voorkom.

DEEL IV.

Artikel 1.

1. Vervang die woord „klaasblyklike" in subartikel (10) deur die woord „klaarblyklike".

2. Skrap die woord „NOTE" waar dit aan die einde van subartikel (10) voorkom en vervang dit deur die woorde „LET WEL".

Artikel 2.

1. Vervang die syfer „63.3" deur die syfer „63.4" waar dit teenoor die beroep „Teeraanlegoperateur" in die tabel met die opskrif „Kooksoonde- en Neweprodukte, Pretoriawerke" voorkom.

2. Vervang die woord „Sinderverkoeler" deur die woord „Sinterverkoeler" in die tabel met die opskrif „Sinteraanleg, Pretoriawerke".

3. Skrap die woord „work" waar dit in die nota onmiddellik na die tabel met die opskrif „Staalsmeltery, Pretoriawerke" voorkom en vervang dit deur die woord „word".

4. Insert the word " vir " after the word " skofte " where it appears for the fourth time in the note immediately after the table headed " Swaarwalswerk, Pretoriawerke ".

5. Insert the words " gekrediteer word as kwalifikasie vir die hoër pos, vir elke honderd skofte " after the word " skofte " where it appears for the second time in the note immediately after the table headed " Ligtewalswerk, Pretoriawerke ".

6. Substitute the word " skofte " for the word " skrifte " where it occurs in the paragraph immediately after the table headed " Fynwalswerke No. 1, Pretoriawerke ".

7. Substitute the word " vierde " for the word " vierdie " where it occurs in the paragraph immediately after the table headed " Blinkstaafaanleg, Pretoriawerke ".

8. Substitute the occupation " Lampkameropsigter " for the occupation " Kampkameropsigter " for the occupation " Kampkameropsigter " in the table headed " Verkeer, Pretoriawerke ".

9. Substitute the word " moet " for the word " mout " in the note appearing immediately after the table headed " Verkeer, Pretoriawerke ".

Section 3.

1. Delete the occupation " Voorraad (Opeherdoond) " in the table headed " Staalsmeltery, Vanderbijlparkwerke " and substitute therefor the occupation " Voorraadman (Opeherdoond) ".

2. Substitute the occupation " Grondstoflaaier (Rotaanleg) for the occupation " Grondstoflaaier en Rotoraanleg " in the table headed " Staalsmeltery, Vanderbijlparkwerke ".

3. Substitute the figure " 63.3 " for the figure " 68.3 " where it occurs against the occupation " Kontroleoperateur, $\frac{1}{4}$"-smalbandskêr " in the table headed " Plaat- en Warmbandwalswerk, Vanderbijlparkwerke ".

4. Substitute the word " Fyfplaatafwerking " for the word " Fynplaatafwerking " in the table headed " Koudbandwalswerke, Vanderbijlparkwerke ".

5. Delete the words " vragmotot onder 5 ton vermoë " in the table headed " Verkeer, Vanderbijlparkwerke " and substitute therefor the words " van vragmotors met 'n vermoë van tot 5 ton ".

4. Voeg die woord „ vir " in na die woord „ skofte " waar dit vir die vierde keer voorkom in die nota wat onmiddellik na die tabel met die opskrif „ swaarwalswerk, Pretoriawerke " verskyn.

5. Voeg die woorde „ gekrediteer word as kwalifikasie vir die hoër pos, vir elke honderd skofte " in na die woord „ skofte " waar dit vir die tweede keer voorkom in die nota wat onmiddellik na die tabel met die opskrif „ ligtewalswerk, Pretoriawerke " verskyn.

6. Vervang die woord „ skrifte " waar dit in die paragraaf onmiddellik na die tabel met die opskrif „ Fynwalswerke No. 1, Pretoriawerke " voorkom, deur die woord „ skofte ".

7. Vervang die woord „ vierdie " deur die woord „ vierde " waar dit in die paragraaf onmiddellik na die tabel met die opskrif „ Blinkstaafaanleg, Pretoriawerke " voorkom.

8. Vervang die beroep „ Kampkameropsigter " deur die beroep „ Lampkameropsigter " in die tabel met die opskrif „ Verkeer, Pretoriawerke ".

9. Vervang die woord „ mout " deur die woord „ moet " in die nota wat onmiddellik na die tabel met die opskrif „ verkeer, Pretoriawerke " verskyn.

Artikel 3.

1. Skrap die beroep „ Voorraad (Opeherdoond) " in die tabel met die opskrif „ Staalsmeltery, Vanderbijlparkwerke " en vervang dit deur die beroep „ Voorraadman (Opeherdoond) ".

2. Vervang die beroep „ Grondstoflaaier en Rotoraanleg " deur die beroep „ Grondstoflaaier (Rotoraanleg) " in die tabel met die opskrif „ Staalsmeltery, Vanderbijlparkwerke ".

